
# Natuurlike Geregtigheid en Versoening

## In die lewe van Saul en Agag



Adrian Ebens

# Natuurlike Geregtigheid en Versoening

## *In die lewe van Saul en Agag*

Adrian Ebens

U het dalk reeds insig verkry ten opsigte van die geregtigheid van Christus, maar daar is waarheid wat nog duideliker ingesien moet word; dit moet deur u as kosbaar geraam word, asof dit skaars juwele is. U sal die wet van God aanskou en aan die mense verduidelik op ‘n heeltemal ander manier as wat u in die verlede gedoen het, want die wet van God sal deur u aanskou word as die openbaring van 'n God van barmhartigheid en geregtigheid. Die versoening, wat gemaak is deur die ontsaglike offer van Jesus Christus, sal deur u aanskou word in 'n heeltemal ander lig. Die gruwelike karakter van sonde sal aan u openbaar word.

(Vry vertaal vanuit *Signs of the Times*, 13 November 1893, par. 2)

Gedruk deur

**Maranathamedia.co.za**

Desember 2018

Vertaal na Afrikaans:  Maart 2020

# Inhoud

1. Koelbloedige Moord op Babas ..... 4
2. Definisie van Geregtigheid ..... 6
3. Die Invoering van Vervalste Geregtigheid ..... 8
4. Die Val van Satan en Sy Engele ..... 13
5. Die Val van die Mens ..... 15
6. Die Kernprobleem ..... 16
7. Die Altaar van Brons ..... 22
8. Die Bronsslang ..... 25
9. ‘n Jaloerse God ..... 28
10. Die Konteks vir die Opdrag om die Ámalekiete te Vermoor 33
11. Die Here se Profesie en Bevel Rakende die Ámalekiete ..... 39
12. Konfrontasie met Samuel ..... 45
13. Die Dood van Agag ..... 46
14. Samuel se Wonde Onthul ..... 49
15. Slot ..... 52

## 1. Koelbloedige Moord op Babas

Enige persoon wat die vreugde ervaar het van 'n ouer wat deur die toets van barensweë en geboorte moes gaan, sal die heiligheid van die ouer-kind-band waardeer. Die toneel van 'n kind wat aan sy moeder se bors gevoed word is een van die wonders van ons skepping. Wat kan vir ons as mens meer onskuldig of kosbaar wees as hierdie toneel? Luister na hoe sommige moeders dit beskryf:

> Die tyd wat ek spandeer het om my twee kinders te borsvoed was 'n baie spesiale tyd in my lewe. Ek het wonderlike herinneringe van baie knus ure wat ek met hulle bestee het en bande gevorm het. Om hul klein gesiggies dop te hou en hul warm liggaampies teen myne te voel, het my trots en gelukkig laat voel om te weet dat ek hulle die beste wat ek kon in die lewe gegee het. Ek sal daardie tyd vir niks prysgee en somtyds mis ek dit steeds.
>
> Borsvoeding is die mees intiemste daad tussen 'n moeder en haar kind. Ek het my eerste baba, wat nou 22 maande is, geborsvoed en borsvoed nou my tweede baba. Nie net is dit die beste vir die baba nie, maar ek dink dit is die beste vir my ook. Om die waarheid te sê, dit help my om my baba meer lief te hê. Al die laat nagte, lang ure en gebrek aan slaap is die moeite werd wanneer jy daardie klein gesiggie sien opkyk na jou.
> (Vry vertaal uit http://sharethejoysofbreastfeeding.blogspot.com/)

Dit is met hierdie oorwegings in gedagte dat ons onderneem om die volgende verse van die Skrif te ondersoek:

> Toe sê Samuel vir Saul: Die HERE het my gestuur om jou as koning te salf oor sy volk, oor Israel; luister dan nou na die stem van die woorde van die HERE. (2) So sê die HERE van die leërskare; Ek het terdeë gelet op wat Ámalek Israel aangedoen het, dat hy hom in die weg gestaan het by sy optog uit Egipte. (3) Gaan nou en verslaan Ámalek, en julle moet met die banvloek tref alles wat hy het; en jy mag hom nie verskoon nie, **maar jy moet om die lewe bring man sowel as vrou,**

> **kind en suigeling, bees en kleinvee, kameel en esel**. (1 Samuel 15:1-3)

Dit blyk dat God beveel het dat nie net die mans gedood moet word nie, maar ook die vroue en babas. Die woord vir baba dra ook die betekenis van suigeling, ‘n baba wat geborsvoed word.

Dit is sulke skrifgedeeltes wat veroorsaak dat miljoene wegdraai van die God van die Bybel. Professor Richard Dawkins som baie mense se denkwyse op soos volg:

> Die God van die Ou Testament is waarskynlik die mees onaangenaamste karakter onder die fiksiekarakters: jaloers en trots; ‘n liggeraakte, onregverdige, ongenaakbare beheervraat; ‘n wraak-sugtige, bloeddorstige etniese reiniger; ‘n vrouehater, homofobiese rassis, kindermoordenaar, volksmoordenaar, een wat Sy eie kinders doelbewustelik vermoor, ’n verpestelike, hoogmoedswaansinnige, sado-masochistiese, wispelturige, boos-aardige boelie. (Vry vertaal uit *The God Delusion*, Richard Dawkins).

Wanneer Christene na hul leiers draai om te hoor hoe om te reageer, ontvang hulle antwoorde soos hierdie:

> Afstootlik soos dit vir ons vandag mag klink, hierdie meedoënlose klas van oorlogvoering was nie tegnies ‘volksmoord’ nie. Nie in die moderne sin van die term nie. Volgens die meeste Bybelse geleerdes, was dit eintlik ‘n uitdrukking van God se oordeel op die Kanaäniete.
>
> Om dit op ‘n ander manier te stel, dit was nóg Joshua nóg Moses, maar die Here self wat die afgodedienaars van die Beloofde Land met die swaard gedood het. **Dit is heeltemal wettig vanuit ‘n streng teologiese oogpunt. God is immers die Een wat lewe gee. Dienooreenkomstig het Hy ook die gesag om dit weg te neem**. Sy vonnis was eenvoudig uitgevoer deur die agentskap van Sy uitverkore volk, Israel. Om een kommentator aan te haal: “die Kanaänitiese beskawing was so korrup dat vreedsame naasbestaan met hulle ‘n ernstige bedreiging vir die oorlewing en geestelike welsyn van die Hebreeuse nasie sou wees. Israel is hier God se instrument van oordeel teen diegene wat weier om Hom te eer.” (Vry vertaal uit die

webtuiste: focusonthefamily.com/family-q-and-a/faith/Christian-struggles-with-biblical-accounts-of-genocide-and-holy-war)

Ek het dikwels die uitroep gehoor: "Wie is ons om God te bevraagteken? God kan doen wat Hy wil." Dit laat my wonder of diegene wat hierdie dinge sê al ooit gedink het aan 'n soldaat wat 'n kind van sy skreeuende moeder wegskeur en sy kop teen die muur vermorsel. Het hulle hulself nog nooit afgevra of hierdie optrede werklik die God van die Bybel verteenwoordig nie?

Ek het in die oë van mense gekyk wanneer ek hulle vra of hulle glo dat wanneer God bevele gee dat klein babatjies doodgekap moet word, dit verteenwoordigend is van Sy karakter in oordeel. Ek het gesidder vir die robotagtige *ja* reaksie, sonder enige gevoel of spiertrekking, wat net die gedagtes van diegene weerspieël wat onder 'n diktatorskap lewe soos in Noord-Korea. Om openlik te bevraagteken wat hulle verstaan wat God se geregtigheid is, is 'n uitnodiging dat dieselfde ding met hulle gebeur. Jy moet liefde vir hierdie soewereine Een betuig en nooit enigiets bevraagteken nie, uit vrees vir dieselfde dood.

Die Bybel sê dat volmaakte liefde vrees verdryf, maar indien u 'n God aanbid wat Sy karakter openbaar as Een wat bevele gee om borsvoedende babas wreed te slaan en dood te maak, sal Hy nooit Sy belofte gestand doen dat u sonder vrees kan lewe nie.

Dus bly die vraag staan. Hoe gee ons rekeningskap van hierdie en ander verhale wat die dood van vroue en veral klein kindertjies betref?

## 2. Definisie van Geregtigheid

Die Bybel sê vir ons dat God regverdig is.

> Geregtigheid en reg is die grondslag van u troon; goedertierenheid en trou gaan voor u aangesig uit. (Psalms 89:15)

Die natuurlike vraag wat volg is, "Wat is die Bybelse definisie van geregtigheid?" Voordat dit beantwoord word, moet ons die volgende oorweeg:

> **Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE**. (9) Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes." (Jesaja 55:8-9)

Dit beteken dat ons gedagtes oor geregtigheid van nature anders is as God se gedagtes oor geregtigheid. Wat dinge nog moeiliker maak, is dat ons van nature dink dat God net soos ons dink.

> Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou moeder beskimp jy. (21) Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? **Jy dink Ek is net soos jy**! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel. (Psalms 50:20-21)

Hoe het dit gebeur? Hoe het ons gedagtes verskillend geraak van die gedagtes van ons Vader in die hemel? Die vertrekpunt het in Eden plaasgevind.

> …maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. (Genesis 2:17)

God het in die begin die straf vir ongehoorsaamheid aan Hom uitgelê. Die mens is bewus gemaak van 'n boom in die middel van die tuin wat die "boom van kennis van goed en kwaad" genoem is, sodat die mens 'n keuse kan uitoefen.

Sonder om in al die Hebreeuse betekenisse van die vonnis – "jy sal sekerlik sterwe" in te gaan, kom ons kyk na die *Young*'s L*iteral Translation*.

> and of the tree of knowledge of good and evil, thou dost not eat of it, for in the day of thine eating of it--dying thou dost die. Genesis 2:17 (YLT).

## 3. Die Invoering van Vervalste Geregtigheid

Niks word aangedui ten opsigte van die manier waarop die dood sou plaasvind nie. Die woorde vermeld bloot die aanvang van 'n proses wat sou lei tot die dood as hulle van die boom geëet het. Satan het homself geplaas tussen ongehoorsaamheid en die finale resultaat van die dood. Hy het 'n idee ontwikkel oor hoe geregtigheid moet werk en dit toe op God geprojekteer.

> In die begin van die groot stryd het die Satan verklaar dat die wet van God nie gehoorsaam kon word nie; dat geregtigheid onversoenlik is met genade, en dat, as die wet oortree word, dit onmoontlik sou wees vir die sondaar om vergifnis te verkry. Elke sonde moet gestraf word, het die Satan betoog; en as God die oortreder sy straf sou kwytskeld, dan is Hy nie 'n God van waarheid en geregtigheid nie. (*Die Koning van die Eeue*, 1940, bl. 701.5 [oorspronklike vertaling: bl. 782.2])

> Dit was vreeslik moeilik om die misleidende krag van Satan sigbaar te maak. Sy krag om te mislei het met oefening toegeneem. As hy homself nie kon verdedig nie, moet hy beskuldig, ten einde om billik en regverdig voor te kom, **en om God arbitrêr en streng te laat lyk. Hy het sy ontevredenheid in die geheim aan die engele gefluister. Daar was eers geen uitgespreekte gevoel teen God nie; maar die saad was gesaai, en die liefde en vertroue van die engele was geskend. Die soet gemeenskap tussen hulle en hul God was verbreek. Elke beweging was dopgehou; elke optrede was aanskou in die lig waarin Satan hulle dinge laat aanskou het**. Dit wat Satan in die gedagtes van die engele ingeprent het – 'n woordjie hier en daar – het die weg oopgemaak vir 'n lang lys van aannames. Op sy skelm manier het hy uitdrukkings van twyfel by hulle na vore gebring. Toe hy ondervra is, het hy diegene wie hy opgelei het, beskuldig. Hy het al die misnoegdheid op dié gelê wie hy gelei het. **Soos een in heilige diens, het hy 'n baasspelerige begeerte gemanifesteer vir geregtigheid, maar dit was 'n vervalste geregtigheid, wat heeltemal in teenstelling met God se liefde en deernis en genade is**. (Vry vertaal uit *Review and Herald*, 7 September 1897, par. 3-4)

In die begin het Lucifer jaloers geword op die posisie van Christus. Die enigste moontlike manier waarop hy jaloers kon word, was om te vergeet dat alles wat hy besit van Christus en die Vader af kom.

> Lucifer het die hoë eer wat aan hom toegeken is nie as die besondere gawe van God gewaardeer nie en daarom het dit geen dankbaarheid jeens sy Skepper ontlok nie. Hy het hom op sy glans en verheffing beroem en begeer om aan God gelyk te wees. *Patriarge en Profete*, bl. 25-26.1

> Engele is uit die hemel geskors, want hulle wou nie in harmonie met God werk nie. Hulle het vanuit hul hoë rang verval, omdat hulle verhef wou word. Hulle het hulself begin verhef en hulle het vergeet dat hul skoonheid van persoon en karakter van die Here Jesus gekom het. (Vry vertaal uit *This Day with God*, p. 128.2)

Die gebrek aan dankbaarheid in Lucifer het veroorsaak dat hy die behoefte van die engele, om regeer te word deur die wet van God, bevraagteken het.

> **Hy het begin twyfel inwerk oor die wette waarvolgens hemelse wesens geregeer is** en het geskimp dat hoewel die wette miskien geskik is vir die bewoners van die wêrelde, **engele, wat meer verhewe was, geen beperkinge van daardie aard nodig gehad het nie**, want hulle eie wysheid was genoegsame leiding. (*Patriarge en Profete*, bl. 25.2)

> **Lucifer het die posisie ingeneem dat, as gevolg van die wet van God, verkeerde dade bestaan het in die hemel en op die aarde. Dit het die aanklag ingebring teen God se regering dat die wet arbitrêr was.** Ongelukkig is dit onwaar, ontwikkel deur die outeur van alle onwaarhede. God se regering is 'n regering van vrye wil; daar is geen daad van rebellie of gehoorsaamheid wat nie 'n daad van vrye wil is nie. (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 5 Junie 1901, par. 4)

Dit was op hierdie punt dat Satan sy onheil deur die wet beraam het en sy troon gestig het.

> Het die **regterstoel wat onheil** stig, met U gemeenskap; wat moeite versin teen die insettinge in? (Psalms 94:20)

> Shall the **throne of iniquity** have fellowship with thee, which frameth mischief by a law? (Psalm 94:20)

Die leuen van Satan dat die engele inherente lewe het, het daartoe gelei dat hulle die wet van God as arbitrêr en beperkend beskou het. Terselfdertyd verlang Satan om soos God te wees en om sy eie troon te vestig. Sy idee van geregtigheid is dat sonde teen hom nie vergewe kon word nie. Die oortreder moet gestraf word en indien nodig, met geweld gedood word. In Satan se heelal besit elke persoon sy eie lewe; straf vereis dus geweld om die lewe ellendig te maak of om dit te beëindig.

> **Die veroordelende krag van Satan lei hom om 'n teorie te vestig waar geregtigheid teenstrydig is met genade. Hy beweer om op te tree as die stem en krag van God**; hy beweer dat sy besluite regverdig en suiwer is, sonder gebrek. **Dus neem hy sy posisie in op die oordeelsetel** [die troon] en verklaar dat sy raadgewings onfeilbaar is. **Hier is waar sy genadelose geregtigheid inkom, 'n vervalste geregtigheid wat afstootlik is vir God**. (Vry vertaal uit *Christ Triumphant*, p. 11.4)

Lucifer het die manier waarop engele na die heelal kyk, herontwerp. Soos ons voorheen gelees het

> Hy het sy onvergenoegdheid in die geheim aan die engele gefluister. Daar was eers geen uitgesproke gevoel teen God nie; maar die saad was gesaai, en die liefde en vertroue van die engele was geskend. Die soete gemeenskap tussen hulle en hul God was verbreek. Elke beweging was dopgehou; elke optrede was aanskou in die lig waarin Satan hulle dinge laat aanskou het. (Vry vertaal uit *Review and Herald*, 7 September 1897, par. 3)

Byna die helfte van die engele was toegewy aan Lucifer se siening van die heelal.

> Satan het onbeskaamd sy ontevredenheid bekend gemaak dat Christus bo hom verkies is. Hy het trots opgestaan en versoek dat hy gelyk met God moet wees en deur die Vader in beraadslaging geneem moet word en dat hy die Vader se planne behoort te verstaan. God het Satan meegedeel dat Hy slegs aan Sy Seun Sy geheime planne bekend maak; Hy benodig die hele familie in die Hemel, selfs Satan, om onvoorwaardelik aan Hom onbetwiste gehoorsaamheid te gee, maar dat hy (Satan) bewys het dat hy onwaardig is aan 'n plek in die Hemel. **Toe het Satan triomfantelik gewys na dié wat medelye met hom het, bestaande uit byna die helfte van al die engele, en het uitgeroep, Hierdie is met my!** Sal U hulle ook verdryf, en so 'n leemte in die Hemel maak? Toe het hy verklaar dat hy bereid is om die gesag van Christus te weerstaan en om sy plek in die hemel te verdedig deur gebruik te maak van geweld; krag teen krag. (Vry vertaal vanuit *Spirit of Prophecy*, Vol. 1, p. 22.2)

Ook die res van die engele was beïnvloed. Dit was eers met die dood van Christus dat die beginsels van Satan op die aarde neergewerp is. Die getroue engele het by die Vader en Sy Seun gebly, maar Satan het saad in hul denke geplant wat hulle nie maklik kon beantwoord nie. Hulle kon Satan se misleiding eers by die kruis ten volle onderskei.

> Die Satan het besef dat sy masker afgeruk is. Sy administrasie is blootgelê voor die engele wat nie gesondig het nie, asook voor die hemelse heelal. Hy het homself geopenbaar as 'n moordenaar. **Deur die bloed van die Seun van God te vergiet, het hy die simpatie van die hemelse wesens jeens hom heeltemal vernietig**. Voortaan sou sy bedrywighede beperk wees. Wat hy nou ook al mag doen, **hy sou nie langer die engele kon inwag wanneer hulle die hemelse howe verlaat**, en Christus se broeders voor hulle beskuldig dat hulle beklee is met die kleed van duisternis en die besoedeling van die sonde nie. Die laaste skakel van medelyde tussen die Satan en die hemelse wêreld is verbreek. (*Die Koning van die Eeue*, 1940, bl. 701.2 [oorspronklike vertaling: bl. 781.4])

Die diepte van die saad wat deur Satan geplant is in die gedagtes van die engele, kan weerspieël word in die engele se reaksie

teenoor die geloofsversaking en ondankbaarheid van die mens teenoor hul Skepper.

> Voor Christus se eerste koms het die wêreld inderdaad gelyk of dit die graf van alle vroomheid geword het. Dit was Satan se blyplek; die mens was in die mag van die groot afvallige een; in hulpeloosheid ontvang hulle sy leuens ten opsigte van God en Christus as die waarheid. **Die hemelse engele het op die wêreld neergekyk wat besoedel is deur sonde van die inwoners daarvan, en het gewonder hoeveel makliker dit sou wees om dit uit te roei, as om dit te hervorm. Maar die Seun van God het self gekom om 'n reformasie te bewerkstellig**. (Vry vertaal uit *Bible Echo*, 8 Maart 1897)

> Voor Christus se eerste koms het die sonde van weiering om aan te pas by God se wet, wyd versprei. Dit het gelyk of Satan se mag gegroei het; in sy oorlogsvoering teen die hemel was hy meer en meer vasberade. 'n Krisispunt is bereik. Die hemelse engele het met intense belangstelling God se bewegings aanskou. Sou Hy navore kom uit Sy plek om die inwoners van die wêreld te bestraf vir hul ongeregtigheid? Sou Hy **vuur of 'n vloed stuur om hulle te vernietig? <u>Die ganse hemel het gewag vir hul Bevelvoerder se bevel om wraak te neem op 'n rebelse wêreld. Een woord van Hom, een teken en die wêreld sou vernietig gewees het</u>. Die ongevalle wêreld sou gesê het, "Amen**. U is regverdig, O God, want U het rebellie uitgewis." **Nogtans, "so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy enigebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê**." God kon Sy Seun gestuur het om te oordeel, maar Hy het Hom gestuur om te red. Christus het gekom as 'n Verlosser. **<u>Geen woorde kan die effek van hierdie beweging op die hemelse engele beskryf nie</u>**: Met verwondering en eerbied kon hulle maar net uitroep, "Hierin is liefde!" (Vry vertaal uit *Reflecting Christ*, p. 58.4,5)

Dit dui nie aan dat die engele verlang het dat die inwoners direk doodgemaak moes word nie, maar eerder dat die mens onmiddellik die gevolge van sy eie keuses moes dra. As God die bevel van vrylating van die vier winde gegee het voordat die ganse mensdom hul keuse gemaak het en die kwessies van die Groot Stryd ten volle

geopenbaar is, sou dit ‘n daad van arbitrêre geweld gewees het, maar die beginsels van geweld is nie deel van God se koninkryk nie.

> Om die donker skaduwees te verlig, en om die wêreld om te keer, moes die krag van die Satan se bedrog verbreek word. Dit kon nie deur geweld geskied nie. **Die gebruik van geweld is teenstrydig met die beginsels van Gods regering; Hy verlang alleen die diens van liefde, en liefde kan nie afgedwing word nie**; dit kan nie deur gebiedende gesag gewin word nie. Slegs liefde kan liefde verwek. (*Die Koning van die Eeue*, 1940, bl. 10.3 [oorspronklike vertaling: bl. 16.2])

## 4. Die Val van Satan en Sy Engele

Tydens die oorlog in die hemel het God vergifnis aan Lucifer en Sy engele aangebied, op voorwaarde van bekering en onderwerping.

> In Sy groot genade was God lank geduldig met Lucifer. Hy was nie onmiddellik onthef van sy hoë posisie toe die gees van ontevredenheid die eerste maal deur hom geopenbaar is nie, en selfs ook nie toe hy sy valse aansprake aan die lojale engele bekendgemaak het nie. Nog lank het hy in die hemel gebly. **Keer op keer is daar aangebied om hom te vergewe, op voorwaarde van bekering en onderwerping**. (*Die Groot Stryd*, 1981, bl. 450.3 [oorspronklike vertaling: bl. 563.1])

Baie van Lucifer se volgelinge was oorgehaal om hierdie genadige aanbod te aanvaar, dus het Satan die risiko verhoog en ‘n reuse sprong in die duisternis geneem deur iets aan die engele te vertel wat hy geweet het absoluut onwaar is.

> **Baie van Satan se simpatiseerders was oorreed om die raad** van die lojale engele **te neem**, en het hul van hul ontevredenheid bekeer, en is weer ontvang in die vertroue van die Vader en Sy dierbare Seun. **Die magtige opstandeling het toe verklaar dat hy vertroud was met God se wet**, en as hy hom aan onderdanige gehoorsaamheid moet onderwerp, sal sy eer van hom weggeneem word. Hy sou nie meer met sy verhewe posisie toegerus wees nie. **Hy het hulle vertel dat**

> **hyself (en hulle ook) nou te ver gegaan het om te kan terugkeer, dat hy die gevolge dapper sal dra, want hy wil nie in onderdanige aanbidding buig tot die Seun van God nie; dat God nie sou vergewe nie en nou moet hulle hul vryheid laat geld en die posisie en gesag wat nie gewilliglik aan hulle toegestaan is nie, met geweld verkry**. (Vry vertaal uit *Spirit of Prophecy*, Vol. 1, p. 20,21)

Ongelukkig het een derde van die engele Satan geglo. Hulle het geglo dat hulle te ver gegaan het, omdat hulle geglo het dat God hulle nie sou vergewe nie. Dit is op hierdie punt wat Satan se troon gestig is, 'n troon wat op die beginsels van die dood gebou is. Die ander engele wat Satan gevolg het, het verkies om te glo dat God hulle sou vergewe en hulle was gretig terug verwelkom in die arms van Christus en die Vader.

Toe Satan die leuen uitgespreek het dat God nie sou vergewe nie, het hy iets gesê wat onwaar was oor die karakter van God. Die wet van God is 'n afskrif van Sy karakter.

> Christus het na ons wêreld gekom om die karakter van God te verteenwoordig soos dit in Sy heilige wet verteenwoordig is, want Sy wet is 'n afskrif van Sy karakter. Christus was beide die wet en die evangelie… (Vry vertaal uit *Christ Triumphant*, p. 339.2)

> Die wet van God is net so heilig soos Hy self. Dit is 'n openbaring van Sy wil, 'n afdruksel van Sy karakter, die uiting van Goddelike liefde en wysheid. *Patriarge en Profete*, bl. 43.3

Dit volg dus dat wanneer ons iets glo oor God se karakter wat onwaar is, dan sondig ons. Sonde is die oortreding van die wet en die wet is 'n afskrif van God se karakter. Daarom is sonde die oortreding van God se karakter. Satan het gesondig toe hy bevestig het dat God nie sou vergewe nie. Hy het gesondig toe hy gesê het dat God se genade en geregtigheid in teenstelling staan. Dit is hierdie sonde wat dood veroorsaak en dit maak Satan dus die bewerker van die dood en die een wie die mag oor die dood het.

> Satan is die bewerker (outeur) van die dood. (Vry vertaal uit *Faith and Works*, p. 73.4)

> Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat **Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel** (Hebreërs 2:14)

As iemand nie glo dat die Gewer van lewe hulle sal vergewe nie en hulle is afhanklik van die Gewer van lewe, dan sal hulle natuurlik sterf. "Sterwend sal jy sterf." Die oortuiging, wat op God geprojekteer word, naamlik dat Hy nie vergewe nie, plaas die persoon in 'n proses wat definitief lei tot die dood.

## 5. Die Val van die Mens

Toe die mens die vrug van die boom geëet het, het hy Satan se leuens oor God se karakter aanvaar. Dieselfde leuen wat die Satan aan die hemelinge voorgestel het, wat die val van een derde van die engele veroorsaak het, het ook die val van die mens meegebring.

> …die groot bedrieër, **wat 'n leuen teen die regering van God vorendag gebring het en so die val van die mensdom veroorsaak het**, het daardeur alle aanspraak om 'n getroue onderdaan van God se koninkryk te wees, verloor. Satan het geweier om sy onderdane vry te stel. **Hy het hulle as sy onderdane behou omdat hulle sy leuens geglo het.** (Vertaal uit *Lt20-1903.11, 12*}

Satan het aan die engele die leuen vertel dat God hulle nie sou vergewe nie. Satan het voor Adam se sondeval aan hom vertel dat God Eva nie sou vergewe nie, maar dat Hy haar sou vernietig, wat meegebring het dat Adam hierdie leuen, dat God nie vergewe nie, geglo het. Nadat Satan hulle vasgevang het, het hy dit weer gestel dat God hulle nie sou genadig wees nie.

> God het vir hulle gesê om nie die boom van kennis aan te raak nie. Hier het die verleier ingekom en in plaas daarvan om die woorde van

> God te gehoorsaam, het hulle na die verleier geluister en sy woorde gehoorsaam. Wat was die resultaat? Hulle was uit hul Eden-huis gesluit. Toe God ondersoek ingestel het, het hulle Hom daarvan vertel. Die stem het vir hulle gesê om te eet en hulle was daaraan gehoorsaam. Hiermee was die eerste evangelie-preek aan Adam en Eva in Eden verkondig. Genesis 3:15. …Christus het na ons wêreld gekyk voordat Hy gekom het, en Hy het gesien dat Satan se mag op die menslike familie uitgeoefen word. As gevolg van die oortreding van Adam het hy die hele menslike familie toegeëien. Hy het na hul rampe en siektes gewys en dit na God terug weerspieël. **Hy het gesê dat God geen genade vir hulle sal hê nie en dat hulle maar net so goed onder sy beheer mag wees**. (Vry vertaal uit *Manuscript* 16, 1893, par. 2,3)

Satan het aan Adam en Eva dieselfde leuen vertel wat hy aan die engele vertel het. Hulle was vertel dat God hulle nie genadig sou wees nie, wat beteken dat Hy hulle nie sou vergewe nie. Hulle was meegedeel dat hulle te ver gegaan het, dus kon hul net sowel onder sy beheer wees. Nadat Adam in sonde geval het, is sy denke verenig met die denke van Satan.

> God sê: "Ek sal vyandskap stel." Hierdie vyandskap is nie iets wat van nature in die mens is nie. **Toe die mens die goddelike wet oortree het, het sy natuur sondig geword; hy was in harmonie en nie in stryd met Satan nie.** Van nature is daar geen vyandskap tussen die sondige mens en die bewerker van die sonde nie. Albei het sondig geword weens verval. Die afvallige rus nooit, tensy hy medelyde en medewerking verkry deur ander te oorreed om ook sy voorbeeld na te volg. **Om hierdie rede werk bose engele en sondige mense saam in 'n noodgedwonge vennootskap**. (*Die Groot Stryd*, 1980, bl. 459.2 [oorspronklike vertaling: bl. 573,574.1])

## 6. Die Kernprobleem

Toe die mens boos geword het, het hy die denke van Satan omtrent geregtigheid en genade omhels. Satan se geregtigheid het die mens se geregtigheid geword. Ellen White som dit vir ons op in die

volgende paragraaf:

> Die oorlogvoering teen God se wet het in die hemel begin. Satan was vasbeslote om God met sy idees tot sy weë te oorreed, om Hom te dwing om die wet van Sy regering te verander. Dit het die oorlog in die hemel veroorsaak. Satan het op die simpatie van die engele-skare staatgemaak, deur sy misleidende houding, maar hy was uit die hemel verban, en **nou is hy vasbeslote om op hierdie aarde die planne uit te voer wat hy in die hemel ingestel het.** As hy die mens kan oorreed om ontrou aan die wet van God te wees, sal hy voel dat hy hom op God gewreek het. **Hy streef daarna om sy meesterlike bedrieglikhede in die denke van die mens te installeer, en sodoende die oordeel en geregtigheid te verdraai, en die wet van God te vertrap**. Hierdie werk – die konflik tussen waarheid en onwaarhede – is die grondslag van die beproewinge en verdrukkinge wat die kinders van God sal ervaar. Dit is die "beproewing van hulle geloof". (Vry vertaal uit *12 Manuscript Release*, p. 37.1)

Vervalste sienings van geregtigheid en oordeel vertrap die wet van God. Die mens is gevange geneem en in die gevangenis toegesluit deur die vervalste geregtigheid van Satan, sodat 'n losprys van God vereis is.

> Satan het geweier om sy gevangenisse vry te laat. Hy het hulle as sy onderdane behou omdat hulle sy leuen geglo het. **Hy het dus hul tronkbewaarder geword. Nogtans het hy geen reg gehad tot 'n losprys vir hulle nie**, omdat hy nie op 'n wettige wyse eienaarskap van hulle gekry het nie, maar onder valse voorwendsels. God, as die skuldeiser, het die reg gehad om enige prys te plaas op die redding van die mens. **Geregtigheid het vereis dat 'n sekere prys betaal word. Die Seun van God was die enigste Een wat hierdie prys kon betaal.** Hy het Homself as vrywilliger aangebied om na die aarde te kom en in dieselfde posisie te kom staan waar Adam gefaal het. {Vertaal uit *Lt20- 1903.12, 13*}

Satan het 'n prys vereis. Hy het geen reg daartoe gehad nie, maar het dit steeds gedoen. Ellen White stel dit dat geregtigheid 'n sekere prys vereis het. Dit is nie God se regstelsel nie, want God het nie die

prys vereis nie; dit is Satan wat dit vereis. God se geregtigheid, wat vra dat die regte ding gedoen word, het genade gegee aan die mensdom deur aan Satan se vereistes te voldoen. God het die reg gehad om Satan se dreigende geregtigheid deur Sy onpeilbare barmhartigheid te bevredig.

> **Christus se sending na die wêreld het dit duidelik gemaak dat die mensdom onder die gevaar van vertoornde geregtigheid staan**, op die rand van ewige ondergang, in hulpeloosheid en onkunde. {Vertaal uit *Signs of the Times*, 5 Februarie 1894, par. 5}

God en Sy Seun het nie versoening benodig deur die dood nie. Hulle het nie vereis dat 'n losprys betaal word om hulle gekrenkte gevoelens van geregtigheid te bevredig nie.

> O, wat 'n geseënde Verlosser! Geregtigheid het die lyding van die mens vereis, maar Christus het die lyding van God getoon. **Hy het geen versoening of lyding vir Homself benodig nie; Sy lyding was alles wel net vir ons; al sy verdienste en heiligheid was duidelik aan die gevalle mensdom as 'n geskenk getoon, sal ons dit aanvaar?** Sy afgemete skuld van lyding was in ooreenstemming met Sy matelose heiligheid en onbesmette reinheid. {Vertaal uit *Lt12-1892.4*}

Satan se geregtigheid het die lyding van die mens vereis, maar God se geregtigheid het Christus na die wêreld gestuur om God se lyding en sy matelose genade aan ons te toon. Christus se lyding was te wille van ons, omdat ons Satan se leuen, dat die dood vereis word, geglo het. Hy het die prys betaal wat ons gedink het word benodig en dit stel die hart oop om te glo dat God ons kan vergewe.

Wanneer ons sondig, bring Satan lyding, sodat ons glo dat God ontevrede is met ons; hy plaas druk op ons om in wanhoop op te gee.

> **Satan probeer ons te pynig tot ongeloof deur aan die siel die idee te bring dat God ontevrede is met ons.** In teenstelling hiermee kan ons ons "verheug" in Hom [1 Petrus 1:6-9, aangehaal]. Die Here Jesus is ons enigste hoop. Hy is u hoop en ek word in Sy Naam gebied om u te

vra om u volle vertroue in Hom te plaas [Jesaja 57:15, aangehaal]. (Vry vertaal uit *12 Manuscript Release*, p. 37.2)

Toe God na Adam in die tuin gekom het, nadat hy gesondig het, het Adam die woorde van God deur die lens van Satan se regstelsel benader. Adam het nie geglo dat God hom sou vergewe nie. Hy het ook geglo dat hy in besit van sy eie lewe was deur van die boom van kennis van goed en kwaad te eet. Hoe sal Adam God se bedoelings teenoor hom verstaan met sy nuwe begrip van geregtigheid?

> En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin **en gevrees**, want ek is naak; daarom het ek my verberg. (Genesis 3:10)

Hoekom het Adam gevrees?

> …en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was. (Hebreërs 2:15)

> Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het. (Romeine 5:12)

Adam was bang dat God hom gaan doodmaak. Die woorde wat God gespreek het "want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe" word deur Adam geïnterpreteer dat God hom sal doodmaak. Aangesien Adam geregtigheid sien soos Satan dit sien, dink hy dat sy sonde gestraf moet word. Hy dink ook dat God nie genade sal gee nie. Hy redeneer dat God gesê het dat die straf vir sy sonde die dood is. Dus is Adam bang wanneer God tot hom nader en hy verberg homself uit vrees vir die dood.

In die lig van hierdie reeks gebeure kan ons die betekenis van wat volgende gebeur, begin begryp.

> En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? (12) En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet. (Genesis 3:11-12)

Adam vrees dat hy sal sterf. Wanneer hy ondervra word, impliseer

hy dat die vrou die agent is en hy impliseer dat die Seun van God die hoofoorsaak is, omdat Hy haar geskape het. Deur sy vrou te betrek, plaas hy haar eintlik in die posisie van die doodstraf, soos hy dit verstaan. In sy gedagtes was hy bereid om haar op te offer om homself te red. Dit is die manifestasie van bevrediging-gebaseerde teologie. Dit is die geboorte van strafvervangende versoening.

Dit is baie belangrik dat, toe Adam geval het, daar ‘n stem van die troon van God gekom het.

> **Toe Adam oorgegee het aan die versoeking van die vyand, en van sy hoë en heilige rang geval het, het Satan en sy engele gejuig. Maar van die troon van God was daar ‘n stem gehoor wat woorde van geheimsinnige belang gespreek het. "U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie; my ore het U geopen: brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie.** Toe het ek gesê: Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe. Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande."[1] Toe die mens geval het**, het Christus Sy doel om die mens se plaasvervanger en sekerheid te word, aangekondig.** (Vry vertaal uit *Review and Herald*, 3 September 1901, par. 3)

Ons sien dat, toe Adam geval het, die Here dit duidelik gemaak het dat Hy nie brandoffers en sondoffers begeer het nie. Dit is beslis waar dat Christus Homself as die mens se plaasvervanger gegee het, maar hy was nie ‘n plaasvervanger vir God nie. God het nie die dood vereis het om tevrede gestel te word.

Adam was bereid om sy vrou as sy plaasvervanger aan te bied, as ‘n offer. God het nie so ‘n offer begeer nie, Hy het nooit offers nodig gehad nie. Tog, in Adam se persepsie, wat nou deur Satan se siening van geregtigheid beheer word, kan daar geen versoening wees sonder straf nie. Sy siening van God se vereiste was dat dit die dood moet wees. Die mens projekteer sy idees van geregtigheid op God

[1] Psalms 40:7-9

en glo dat goddelike geregtigheid die dood van die oortreder eis.

Dit is deur hierdie idee dat Satan hierdie wêreld regeer. Dit is hierdie beginsel wat veroorsaak het dat dit geblyk het dat geregtigheid in stryd is met God se genade.

> **Geregtigheid en Genade het afsonderlik gestaan, in teenstelling met mekaar, geskei deur 'n wye kloof.** Die Here ons Verlosser het Sy goddelikheid met menslikheid beklee en in die mens se plek 'n karakter bewerk wat sonder vlek of letsel was. Hy het Sy kruis halfpad tussen die hemel en die aarde geplant en dit die voorwerp van aantrekking gemaak, wat beide kante bereik het, **wat beide Geregtigheid en Genade oor die kloof getrek het. Geregtigheid het van sy verhewe troon verskuif en met al die leërs van die hemel die kruis genader. Daar het dit die Een, wat gelyk met God is, gesien, wat die straf vir alle ongeregtigheid en sonde dra. Met volmaakte tevredenheid het Geregtigheid in eerbied by die kruis gebuig en gesê: Dit is genoeg**. (Vry vertaal uit: *General Conference Bulletin*, *Fourth Quarter*, 1899, Vol. 3, p. 102)

Dit is maklik om uit die lees van hierdie laaste aanhaling te dink dat toe geregtigheid van die troon verskuif het, dat dit die Vader was. Dit lyk onbetwisbaar wanneer dit sê *al die leërs van die hemel het die kruis genader*. Ons het voorheen vasgestel dat Satan sy troon ingestel het deur middel van 'n vervalste regstelsel wat afskuwelik vir God was. Satan was die een wat veroorsaak het dat geregtigheid in stryd met genade staan in die gedagtes van die engele en mens. Al die leërs van die hemel is daardeur geraak. Ons let noukeurig op dat eers toe Christus aan die kruis gesterf het, is Satan uiteindelik ontwortel vanuit die simpatie van die hemelse engele. Soos Paulus dit stel:

> En dat Hy deur Hom **alles met Homself sou versoen** nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis – ek sê deur Hom – die dinge op die aarde sowel as die **dinge in die hemel**. (Kolossense 1:20)

Dit was ondenkbaar vir Satan, met sy selfsug, dat God Hom sou neerbuig om aan die eise van geregtigheid, wat Satan ingestel het,

te voldoen. In wese word die vervalste teorie van geregtigheid sonder genade, die standaard losprys om mens en engele te oortuig dat versoening gemaak is. Ons liewe Vader was nooit van ons vervreem nie. Hy het geen losprys benodig nie. Ons was vervreem van Hom. Ons is diegene wat oortuiging nodig het. Daarom lees ons:

> En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet; en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie. (Hebreërs 9:22)

Dus het God die offerstelsel ingestel as 'n vaste bewys vir die mens dat hy vergewe kan word, want hy was omhul in Satan se vervalste geregtigheid. Die offerstelsel was nie iets wat God begeer het nie; dit was 'n weerspieëling van die mens se strafvervangende ingesteldheid. Tog, deur hierdie foutiewe idees, was God in staat om die patriarge van Sy barmhartigheid te leer. Die offerstelsel was 'n spieël wat in die hart van die mens in skyn. Dit het aan hom sy sondigheid gewys en laat hom toe om te ontdek dat hy toegelaat het dat sy gemoed beskadig word met Satan se idee van geregtigheid, sodat dit die dood van die Seun van God vereis het om hom van sy skuldgevoelens te bevry. As jy hierdie waarheid kan begryp, sal die waarheid jou vry maak. Hy sal slagoffer en spysoffer in jou hart, as 'n manier om 'n toornige God te bevredig, laat ophou.

## 7. Die Altaar van Brons

Ons het verdere bewyse van hierdie waarheid deurdat die offer van die lam op 'n altaar van brons geoffer is.

> Hy het ook die brandofferaltaar van akasiahout gemaak. Vyf el was sy lengte en vyf el sy breedte, vierkantig, en drie el sy hoogte. (2) En hy het sy horings op die vier hoeke gemaak; sy horings was, daarmee saam, uit een stuk: **en hy het dit met koper[2] [brons] oorgetrek**. (Exodus 38:1-2)

---

[2] Die instrumente en meubels in die heiligdom wat van brons gemaak is, word in

Brons was ‘n metaal wat ontwerp was deur een van die nageslagte van Kain.

> En Silla het ook gebaar, naamlik Tubal-Kain, ‘n smid wat allerhande koper- [brons-] en ysterinstrument gemaak het. En die suster van Tubal-Kain was Naéma. (Genesis 4:22) (Sien King James Bybel.)

Die Bybel bied soms brons aan as iets ongewens.

> Mensekind, die huis van Israel het vir My skuim geword; **hulle is almal koper [brons]** en tin en yster en lood binne die smeltoond; **silwerskuim het hulle geword**. (Eségiël 22:18)

Brons is ‘n legering[3] wat van koper en sink gemaak word. Hierdie twee elemente staan mekaar teen in die menslike liggaam. Hulle het ‘n vyandige verhouding. Dit blyk perfek te pas by die situasie wat in engele en mense se gedagtes plaasgevind het, aangaande die verhouding tussen God se genade en Satan se vervalste geregtigheid, wat die heelal in beslag geneem het. Dit was in teenstelling met mekaar. Dus, deur die simboliek van brons wys die Skrif ons dat die Kruis op vyandige beginsels gebaseer is. Sodra die menslike gemoed weer verbind word met God se genade deur die kruis, word die pad oopgemaak, sodat sy gemoed gesuiwer word van die brons en die mens kan eet van die boom van die lewe wat net goud en silwer bevat.

---

die Afrikaanse Bybel (1953) vertaal as instrumente en meubels van “koper.” Die King James Version vertaal dieselfde woord as “brass.” Sien bv. Ex 27:3. Brons is ‘n samestelling van koper, tin en ander metale. Vir meer inligting, sien ook *maranathamedia.com/article/view/a-brazen-battle*.

[3] legering of allooi: ‘n kombinasie - oplossing of verbinding – van 2 of meer elemente waarvan ten minste een ‘n metaal is en waar die resulterende materiaal metaaleienskappe bevat.

> Hier het ons die boom van die lewe en die troon van God. Uit die troon kom ‘n suiwer rivier van water en aan weerskante van die rivier was die boom van die lewe. Aan die een kant van die rivier **was ‘n stam van ‘n boom en aan die ander kant van die rivier was nog ‘n stam, beide van suiwer, deursigtige goud**. Aanvanklik het ek gedink ek het twee bome gesien. Ek het weer gekyk en gesien dat hulle bo verenig was in een boom. Dus was dit die boom van die lewe aan weerskante van die rivier van die lewe. Sy takke het na die plek waar ons gestaan het, gebuig **en die vrugte was glansryk; dit het gelyk soos goud gemeng met silwer**. (Vry vertaal uit *Christian Experience and Teaching*, p. 60.1)

Binne die hemelse heiligdom is daar geen brons nie. Slegs twee metale, goud en silwer, word gebruik. Daarom word mense voorberei vir die oordeel wanneer hulle voorberei word om die karakter van God reg te oordeel rakende Sy geregtigheid en genade. Hierdie voorbereiding maak hulle vry om die binnehof, wat die teenstrydige beginsels van brons bevat, te verlaat. Die binnehofvoorwerpe het hul doel gedien en word nie langer benodig nie.

> En ‘n riet soos ‘n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. (2) **Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee**; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap. (Openbaring 11:1-2)

Daarom is die gawe van die Kruis ‘n glansryke uitbarsting van lig wat die mag het om Satan se idee van geregtigheid te verbrysel en die onsuiwerheid van brons uit ons harte te verwyder. God se genade word deur ons verdraaide idees van geregtigheid geopenbaar.

Dieselfde beginsel word deur Christus gebruik wanneer Hy sommige van Sy gelykenisse vertel. Hy het hul idees geneem en Sy waarheid daardeur aan hulle geleer.

"En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam."[4] **In hierdie gelykenis het Christus die volk op hul eie vlak behandel**. Vele wat na Christus geluister het, het in die leer van 'n bewuste voortbestaan tussen die dood en die opstanding geglo. **Die Heiland het van hulle idees geweet, en Hy het Sy gelykenis op so 'n wyse gestel dat belangrike waarhede deur hierdie vooropgestelde menings ingebring kon word. Hy het vir Sy toehoorders 'n spieël voorgehou waarin hulle hul ware verhouding tot God kon sien. Hy het die heersende sienswyses gebruik om die gedagte oor te dra wat Hy voor almal wou benadruk**, naamlik dat geen mens se waarde volgens sy besittings bereken kan word nie; want alles wat hy besit, is net deur die Here aan hom geleen. (*Die Gelykenisse van Christus*, bl. 183; *Christ's Object Lessons*, p.263.1-2)

## 8. Die Bronsslang

Ons voeg nog 'n ander dimensie aan hierdie onderwerp by deur die verhaal van die bronsslang wat opgehef was op die paal.

En die volk het teen God en teen Moses gespreek: Waarom het U ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterwe? Want daar is geen brood en geen water nie, en ons siel walg van die ellendige kos. (6) Toe stuur die HERE giftige slange onder die volk wat die volk gebyt het; en baie mense uit Israel het gesterwe. (7) En die volk het na Moses gekom en gesê: Ons het gesondig dat ons teen die HERE en teen u gespreek het. Bid tot die HERE, dat Hy die slange van ons wegneem. En Moses het vir die volk gebid. (8) **Daarop sê die HERE aan Moses: Maak vir jou 'n giftige slang en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe**. (9) **Toe het Moses 'n koperslang** [bronsslang] **gemaak en dit op 'n paal gesit: en as 'n slang**

[4] Lukas 16:23-24

**iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang** [bronsslang][5], **het hy in die lewe gebly**. (Numerí 21: 5-9)

Is dit nie vreemd dat Moses opdrag gegee word om ‘n beeld te maak van die einste ding wat die mense byt en dit op te hef vir hulle om daarna te kyk en genees te word nie? Ons het nie tyd om al die besonderhede hier te verken nie, want daar is baie. Dit is waar dat die mens deur die slang Satan gebyt is en sy giftige idee rakende geregtigheid ingeneem het. God voldoen aan hierdie eis en daarom word Christus aan die kruis gehang om aan die eise van die slanggeregtigheid te voldoen. Die slang en al die leërs van die hemel buig in eerbied voor die kruis. Diegene van die mensdom wie gekies het om na die kruis te kyk, kan nou toegang verkry tot die genade van God, want hulle is nou vry om dit te glo, omdat hulle idees van geregtigheid nagekom is.

Die ander punt wat ons hier opmerk, is dat die Israeliete volgens die wet ‘n sondoffer moes bring voordat hulle vertroue kon hê dat God hulle sou hoor. In hierdie geval het die opgehefde slang op die paal hul offerstelsel omseil en hulle genade aangebied deur geloof alleen in die voorsiening wat aan hulle gegee is.

> Die Hebreërs, in hulle ellende, kon hulself nie red van die effek van die giftige slange nie. God alleen kan ‘n sondige, opstandige Israel red deur sy oneindige mag; tog, in sy wysheid, het hy dit nie van pas gesien om hul oortredinge te vergewe sonder om hul bekering en geloof te toets nie. Hulle moes deur ‘n daad van hulself hul berou en hul geloof in God se voorsiening vir hulle herstel, wys. Hulle moes van hulle kant af optree. Hulle moes kyk om te lewe. **Die daad om te kyk <u>het hul geloof in die Seun van God, wat deur die slang verteenwoordig is, getoon.</u>** Die opheffing van die bronsslang was om aan Israel onderrig te gee. **Hulle het hul offerandes aan God aangebied en het gevoel dat hulle genoegsame versoening vir hul sondes gemaak het. Hulle het nie deur geloof op die verdienste van die Verlosser wat moes kom, waarvan hulle offers slegs die tipe**

---

[5] Vir meer inligting, sien *maranathamedia.com/article/view/a-brazen-battle*.

> **was, staatgemaak nie. Die slang, gemaak van brons om soos die giftige slang te lyk**, moes in die middel van die kamp, op 'n paal, geplaas word. **Dit moes aan Israel wys dat hul eie offers geen groter verlossingsdeug of mag gehad het as die slang van brons nie, waar die slang 'n herinnering was aan die toekomstige offer van die Seun van God**. Daarom moes ook hulle offergawes met getemperde begeertes en berouvolle harte gebring word, met geloof in die verdienstelike offer van God se dierbare Seun. Niemand was verplig om na die bronsslang te kyk nie. Almal kon kyk en leef, of ongeloof toepas op die eenvoudige voorsiening wat God gemaak het; hulle kon weier om te kyk en sterf. (Vry vertaal uit *Spirit of Prophecy*, Vol. 1, 316-317)

Net soos die slang op die paal verhoog was, was Christus aan die kruis verhoog.

> En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word. (Johannes 3:14)

Die slang het slegs die Seun van God verteenwoordig in die sin dat Christus aan die eise van Sataniese geregtigheid, wat die menslike gemoed tot slaaf gemaak het, voldoen het. So groot was die lig van die kruis dat dit nie slegs die verduisterde denke van die mens binnegedring het nie, maar dit het die engele van die hemel vrygestel van enige simpatie met Satan. Prys die Vader vir die gawe van Sy Seun aan die kruis! Deur die dood aan die kruis het Christus hom verslaan wat die mag van die dood deur sy vervalste geregtigheid gehad het. Hy het lewe en onsterflikheid deur die evangelie aan die lig gebring.

As 'n finale getuie van hierdie begrip van die kruis voeg ons die volgende aanhaling by, wat van belang sal wees vir ons om sommige van die verhale van die Ou Testament en hul ware betekenis te verstaan.

> "Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes."[6] **Sy gedagtes oor korrupte afgodedienaars word uitgedruk op hierdie manier**: "Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Adma, jou gelykstel met Sebóim: my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek."[7] Moet Hy die volk vir wie so 'n voorsiening gemaak is, opgee, 'n voorsiening van Sy eniggebore Seun, die afdruksel van Sy Wese? **God laat toe dat Sy Seun oorgelewer word vir ons oortredings. Hy neem self die karakter van 'n regter aan teenoor die Sondedraer, Hy ontneem Homself van die tere eienskappe van 'n vader**. (Vry vertaal uit *Testimony to Ministers*, p. 245.2)

Hierdie gedagte is onmoontlik om te ontsyfer sonder om die eise van vervalste geregtigheid te verstaan. Hoe werk dit wanneer God die karakter van 'n regter aanneem teenoor die sondedraer? God voldoen aan ons begrip van geregtigheid, sodat Hy ons kan bereik waar ons is, vanuit ons verduisterde menslike perspektief. Dit is heeltemal onmoontlik dat God Homself eintlik onttrek as 'n tere vader. Let op dat Hy hierdie rol *aanneem*. Die *aanneming* veroorsaak dat Hy Homself voordoen as 'n regter, en terselfdertyd Homself van die tere eienskappe van 'n vader ontneem. Hierdie transformasie, wat plaasvind in die duisternis wat die kruis omring, waar dit voorkom of God Sy aangesig verberg, is om aan die eise van ons afgodery aangaande Homself te voldoen. Uitgedruk op 'n ander manier, dit is as gevolg van ons afgodery dat ons Vader 'n jaloerse God word.

## 9. 'n Jaloerse God

Die tweede gebod bevat die uitleg waarin God geregtigheid toepas deur ons brons denke.

---

[6] 1 Johannes 4:10

[7] Hoséa 11:8

> Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; **want** [**H3588** *oorsaaklike verhouding. Wat volgende kom, word veroorsaak deur wat pas geskryf is. Meer dikwels vertaal as Omdat 466x Wanneer 245x As 166x*] Ek, die HERE jou God, is [*"is" word verskaf, oorsaaklike verhouding mag vertaling as volg toelaat: "word" of "wend na"*] 'n **jaloerse** [**H7067**] God wat die misdaad van die vaders **besoek** [*toesig te hou, om te sorg, roep tot **herinnering***] aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My **haat**. (Exodus 20:5) [*woorde in blokhakies ingevoeg*]

Toe Adam hom aan Satan onderwerp het, het hy afgodery gepleeg. Hierdie afgodery het veroorsaak dat hy God sien as Een wat hom probeer doodmaak vir sy oortreding. Satan het vir Adam gesê dat God nie genade aan hom sou bewys nie. Toe Adam hierdie idee aanvaar het, het God jaloers en toornig voorgekom.

Let op die gelykenis wat Jesus vertel het van die man met die talente.

> Maar sy medeburgers het hom **gehaat** en 'n gesantskap agter hom aan gestuur om te sê: Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet wees nie. (Lukas 19:14)

Wat het die man met die een pond of talent van die meester gesê?

> En 'n ander een kom en sê: Meneer, hier is u pond wat ek in die doek weggesit het; (21) want ek was bang vir u, omdat u 'n strawwe man is; u neem weg wat u nie uitgesit het nie, en maai wat u nie gesaai het nie. (Lukas 19:20-21)

Die Bybel vertel ons dat diegene wat God haat, die dood liefhet.

> Maar hy wat my mis, benadeel sy eie lewe; **almal wat my haat, het die dood lief**. (Spreuke 8:36)

> Onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, (32) **mense wat – al ken [verstaan] hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien** – dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen. (Romeine 1:31-32)

Diegene wat God haat en/of sonder kennis is, beskou die oordeel van God dat God hulle sien as een wat die doodstraf verdien. Om diegene wat deur afgodery geteister word te laat glo dat hulle vergewe kan word, moes straf opgelê word op die oortreders, voordat hulle kon glo dat hulle vergifnis kon verwag. Om aan hierdie verwagting van die mens te voldoen, vertel God ons hoe Hy oordeel fel oor diegene wat Hom haat. Hy besoek hulle ongeregtighede aan hulle tot die derde en vierde geslag.

Dus, wanneer mense die gevolge van hul eie keuses op hulself bring, laat God toe dat Hyself gesien word as die Een wat die straf op hulle bring. Hy neem, ter wille van die sondaar, die karakter van ‘n regter aan, wat homself ontneem van die tere eienskappe van ‘n Vader.

In die vernietigende kragte van die natuur, beide in die natuurlike elemente en die politieke stryde van die mens, word God voorgestel as ‘n jaloerse God wat rampe op hulle bring. Hoekom laat Hy dit toe? Wanneer die kwaadwillige mense onder die volk vergaan, is daar ‘n gevoel dat geregtigheid plaasgevind het. Een of ander vorm van versoening is gemaak, sodat die mens verlos kan word van hul gemeenskaplike skuld vir ‘n sekere tydperk. Daar is diep wysheid in die Skrif wat sê:

> Die roede en die bestraffing gee wysheid; maar ‘n seun wat aan homself oorgelaat word, steek sy moeder in die skande. (Spreuke 29:15)
>
> Wie sy roede terughou, haat sy seun; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging. (Spreuke 13:24)
>
> Die moeder mag vra: “Sal ek my kind nooit straf nie?” Slae mag nodig wees wanneer ander uitwegte misluk, tog moet sy nie die roede gebruik as dit moontlik is om dit te vermy nie. Wanneer ligter maatstaf onvoldoende blyk te wees, moet straf wat die kind tot sy sinne sal bring, met liefde toegepas word. Dikwels sal een so ‘n regstelling genoegsaam wees vir ‘n leeftyd, om die kind te wys dat hy

nie die leisels van beheer vashou nie. (Vry vertaal uit *Child Guidance*, p. 250.1-2)

In sommige gevalle sal die kind se eie sin van geregtigheid toelaat dat sy skuld verwyder word slegs deur die gebruik van die roede. Dit mag egter nooit in geweld, woede of met 'n verhewe stem toegedien word nie.

Dit is noodsaaklik om die tweede gebod te verstaan. Die formule wat dit bevat openbaar die karakter van God ten opsigte van Sy genade en geregtigheid. Ons het dit vroeër gestel dat die wet van God 'n afskrif van Sy karakter is. Enige begrip van God se geregtigheid wat nie met hierdie gebod ooreenstem nie, is nie 'n ware openbaring van Sy karakter nie.

Die beginsel van God se jaloesie in die Skrif is altyd gekoppel aan die mens wat in afgodery verval.

> Want jy mag jou nie neerbuig voor 'n ander god nie; want [H3588 Wanneer] die HERE **se Naam is Jaloers – 'n jaloerse God is Hy**. (Exodus 34:14)

> Jy moet die HERE jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer. (14) Julle mag nie agter ander gode aan loop uit die gode van die volke wat rondom julle is nie – (15) **want die HERE jou God is 'n jaloerse God by jou – sodat die toorn van die HERE jou God nie teen jou ontvlam en Hy jou van die aarde verdelg nie**. (Deuteronómium 6:13-15)

> **Hulle het deur vreemde gode sy ywer** [H7065] **gewek**; deur gruwels Hom geterg. (17) **Hulle het aan die duiwels geoffer, wat nie-God is**, **gode wat aan hulle nie bekend was nie**; nuwes wat kort gelede opgekom het, vir wie julle vaders nie gehuiwer het nie. (18) Die Steenrots wat jou verwek het, het jy veronagsaam; en jy het die God vergeet wat jou voortgebring het. (19) Toe die HERE dit sien, het Hy hulle verwerp, uit ergenis oor sy seuns en dogters. (20) **En Hy het gesê: Ek wil my aangesig vir hulle verberg. Ek wil sien wat hulle einde sal wees**; want 'n heeltemal verkeerde geslag is hulle kinders in wie geen trou is nie. (21**) Hulle het my ywer gewek deur wat nie-God**

> **is, My geterg** deur hulle nietige afgode. Ek sal dan hulle ywer wek deur die wat ‘n nie-volk is, deur ‘n dwase nasie sal Ek hulle terg. (Deuteronómium 32:16-21)

Dus sien ons dat God se jaloesie plaasvind as gevolg van die mens se afgodery. Afgodery beteken altyd die verlies van geloof in genade, want slegs die ware God het genade. Satan, die natuurlike mens en hul geregtigheid het geen genade nie.

> Wanneer jy die Bybel oopmaak, terwyl jy die wet [karakter] van God oortree, **sal dit lyk asof al die dreigemente van die toorn teen jou gemik is**. As jy opstaan om jou getuienis te bring, sal dit met ongeloof en duisternis gevul wees. Jou getuienis sal jou Hemelse Vader verkeerdelik voorstel. **Dit sal Hom voorstel as onwillig om te vergewe wanneer jy na Hom terugkeer** en jy sal jou Verlosser onteer voor die gemeente. (Vry vertaal uit *Review and Herald*, 19 Maart 1889, par. 7)

Waar ons ook al die jaloesie van God sien manifesteer en Sy oordele voorkom, is dit in reaksie op die mens se idees van geregtigheid. Dit volg altyd die formule van Eksodus 20:5.

Ons wil nou terugkeer na die verhaal van Saul en sien hoe God se geregtigheid die patroon volg van die tweede gebod. Voor ons dit egter doen, moet ons ‘n paar stellings ondersoek wat wys hoe God ongeregtigheid toepas of oorsien vir die kwaadwillige dader.

> **Die onheil maak die goddelose dood**; en die wat die regverdige haat, moet daarvoor boet. (Psalms 34:22)

Dit is onheil wat die goddelose doodmaak, nie God nie. God neem ter wille van die goddelose die karakter van ‘n regter aan, ontneem Homself van die tere eienskappe van ‘n Vader deur Sy aangesig in duisternis te versteek, wanneer hulle die gevolge van hul dade in die gesig staar. Dit bring siels-angs en worsteling vir Vader en Seun om dit te laat gebeur, maar hulle moet die keuse van diegene wat hulle verwerp, respekteer. Hulle kan hulle nie dwing om te gehoorsaam nie.

> Die HERE het Hom bekend gemaak; Hy het strafgerig geoefen; **die goddelose is verstrik in die werk van sy hande**. (Psalms 9:17)
>
> Daarom het Ek my toorn oor hulle uitgegiet; deur die vuur van my grimmigheid het Ek hulle verteer; **hulle wandel het Ek op hulle hoof laat neerkom, spreek die Here HERE**. (Eségiël 22:31)
>
> Daarom ook, wat My aangaan, my oog sal nie verskoon nie, en Ek sal nie spaar nie; **Ek sal hulle wandel op hulle hoof laat neerkom**. (Eségiël 9:10)
>
> Die onheil wat hy gestig het, keer op sy hoof terug, **en sy geweld kom op sy skedel neer**. (Psalms 7:17)

## 10. Die Konteks vir die Opdrag om die Ámalekiete te Vermoor

Eerstens merk ons op dat die hele proses van Israel wat vir ‘n koning vra, die vrug van afgodery is.

> Die Israeliete het baie van die gebruike van hul heidense bure oorgeneem, en het dus hul eie besondere, heilige karakter in ‘n groot mate opgeoffer. Hul aanbidding het minder ernstig en opreg geword. *Geleidelik het hulle hul eerbied vir God verloor en opgehou om die hoë eer om sy uitverkorenes te wees te waardeer*. Hulle het moeg geword van hul eie eenvoud, omdat hulle verblind is deur die prag en praal van die heidense monarge. **Hulle het begeer om bevry te word van die heerskappy van hulle Goddelike Almagtige. Soos wat hulle van die Here afgewyk het, het die verskillende stamme afgunstig en jaloers op mekaar geword. Twis en tweedrag het toegeneem, totdat die enigste uitweg waardeur harmonie herstel kon word, die aanstelling van ‘n koning was**. (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 13 Julie 1882, par. 3)

Die ganse loopbaan van Saul moet geplaas word binne die konteks van Israel wat God verwerp en begeer om soos die wêreld te wees. Dit is hierdie proses van afgodery wat ‘n beroep doen op die jaloersheidsklousule van Eksodus 20:5. Dit verseker dat die Here

toesig hou oor die gebeure deur die gevolg van hulle eie weë oor hulle te bring. Dit sal dan hul idee van geregtigheid bevredig en 'n geleentheid bied om bekering en genade te ontvang.

Tweedens was die versoek vir 'n koning 'n groot slag vir Samuel.

> Die eisers was versigtig deur te verklaar dat hulle geen fout met Samuel se bestuur kon vind nie; maar hulle het aangedring dat hy binnekort te oud sou wees om hulle te dien, terwyl sy seuns bewys gelewer het dat hulle nie vertrou kon word nie. Ten spyte van hierdie verduideliking en oproepe tot respek, **was Samuel diep gewond. Die versoek het aan hom getoon dat die volk hom afkeur; dit was vir hom 'n direkte poging om hom ter syde te stel. Maar hy het nie sy gevoelens geopenbaar nie**. Hy het geen verwyte uitgespreek as gevolg van die ondankbaarheid van die volk nie. As hy dit gedoen het, sou een bittere beskuldiging moontlik groot skade berokken het. (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 13 Julie 1882, par. 7)

Samuel het sy hele lewe getrou die mense gedien. Hy het 'n groot hervorming na die nasie gebring. Hy was gewond deur hul ondankbaarheid. Hy het homself oordeelkundig daarvan weerhou om sy gevoelens uit te druk, maar 'n saad van pyn het nou in Samuel gegroei.

> En die Here het aan Samuel gesê: "Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie. Soos al die werke wat hulle gedoen het, van die dag af dat Ek hulle uit Egipte laat optrek het tot vandag toe, dat hulle My verlaat en ander gode gedien het – so doen hulle ook met jou." **Die profeet is bestraf omdat hy bedroef was weens die gedrag van die volk teenoor hom as persoon. Hulle het hom nie beledig nie, maar wel die gesag van God,** wat die regeerders oor Sy volk aangestel het. Diegene wat die getroue dienskneg van God verag en verwerp, beledig nie net 'n mens nie, maar die Here wat hom gestuur het. Dit is die woorde van God, Sy bestraffinge en raadgewing wat verag word; dit is Sy gesag wat verwerp word. *Patriarge en Profete*, bl. 640.2

Ná die ramp by Gilgal, toe Saul die werk van die priester gedoen het en 'n offer aangebied het om die moraal van die mense gedurende die oorlog op te hef, het dinge vir Saul baie vinnig agteruit gegaan.

> Saul het nie die toets geslaag nie. God het belowe om met hom te wees as hy gehoorsaam sou wees. Hy moes hierdie belofte vertrou en geduldig gewag het vir goddelike onderrig en leiding. Hy het gedink dat daar dadelik iets gedoen moet word om die mense moed in te praat; daarom het hy beveel dat hulle hul slagoffers vir die offer bring en daarna het hy met vermetelheid die plek van die priester ingeneem en self offerandes gebring op die altaar. Hierdie daad was 'n blatante oortreding van die goddelike opdrag, dat slegs diegene wat heilig toegewyd was tot die werk, offers kon aanbied. **Daarbenewens het die publieke aard van die handeling, sowel as die hoë posisie van die oortreder, grootliks bygedra tot die skadelike invloed van sy voorbeeld en dit het spoedige straf onmisbaar en noodsaaklik gemaak**. (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 3 Augustus 1882, par. 10)

Samuel bestraf die eiesinnige koning.

> In antwoord op sy direkte ondersoek, "Wat het jy gedoen?"[8] het Saul probeer om sy eie handeling te verskoon deur die verskrikking van die volk uit te wys, asook die gevaar van 'n onmiddellike aanval van die Filistyne. Maar die profeet het die streng en plegtige antwoord gegee: "Jy het dwaas gehandel, jy het die gebod van die HERE jou God wat Hy jou beveel het, nie gehou nie; want anders sou die HERE jou koningskap oor Israel vir goed bevestig het. Maar nou sal jou koningskap nie bestaan nie. Die HERE het vir Hom 'n man na sy hart gesoek; en die HERE het hom as vors oor sy volk aangestel, omdat jy nie gehou het by wat die HERE jou beveel het nie."[9] (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 3 Augustus 1882, par. 11-12)

Saul weier steeds om hom te bekeer en hou aan om homself te

---

[8] 1 Samuel 13:11
[9] 1 Samuel 13:13-14

regverdig.

> Die Heilige Gees is aan Saul gegee om sy verstand te verlig en sy hart te versag. Die profeet van God het hom getrou onderrig en bestraf. Tog, hoe groot was sy weerspannigheid! **Die geskiedenis van Israel se eerste koning is 'n droewige voorbeeld van die invloed van verkeerde gewoontes in die jeugjare. In sy jeug het Saul God nie liefgehad en gevrees nie; en daardie voortvarende gees wat nie vroeg reeds geleer het om hom te onderwerp nie, was altyd opstandig teen Goddelike gesag**. *Patriarge en Profete*, bl. 657.4-658.1

Saul het God nie liefgehad en gevrees nie. Hy het nooit geleer om Hom te vertrou en gehoorsaam te wees nie. Dus het hy nie 'n korrekte waardering vir Sy karakter gehad nie. Die Here het probeer om Saul in te lig en hom in die waarheid te vestig, maar ongelukkig was hy vasbeslote en was hy eiewillig tot die einde toe.

Kort hierna seën God vir Jónatan om die weg oop te maak vir 'n groot oorwinning vir Israel.

> En op 'n dag het Jónatan, die seun van Saul, aan die dienaar wat sy wapens dra, gesê: Kom, ons gaan oor na die wagpos van die Filistyne wat daar oorkant is. Maar aan sy vader het hy dit nie te kenne gegee nie. (1 Samuel 14:1)

> En Jónatan het op sy hande en voete uitgeklim, en sy wapendraer agter hom aan; en hulle het voor Jónatan geval terwyl sy wapendraer agter hom aan van kant maak. (14) Hierdie eerste slag waarin Jónatan en sy wapendraer ongeveer twintig man verslaan het, het plaasgevind op omtrent die helfte van 'n aanvoorsel van 'n stuk land. (15) Toe kom daar 'n skrik in die laer, in die veld en onder al die manskappe; die wagpos en die roofkommando, hulle het ook geskrik, ja, die land het gebewe, sodat dit 'n skrik van God geword het. (16) En toe die spioene van Saul in Gibea in Benjamin sien dat die menigte daar verward heen en weer golf… (1 Samuel 14:13-16)

Deur watter bemiddeling het die Here Jónatan geseën?

> **Engele van die hemel het Jónatan en sy wapendraer beskut**, engele het aan hulle sy geveg en hulle het die Filistyne verslaan. Die aarde het gebeef asof ‘n groot leër met perderuiters en krygswaens aankom. Jónatan het besef dat dit tekens is van die hulp van God en selfs die Filistyne het besef dat God vir die verlossing van Israel werk. *Patriarge en Profete*, bl. 659.2

Die engele het Jónatan en sy wapendraer beskerm, maar die engele het geen vyandige soldate doodgemaak nie, want ons lees:

> **Engele word vanuit die hemelse howe gestuur, nie om te vernietig nie, maar om te waak en om verontwaardigde siele te bewaak**, om die verlorenes te red, om die verdwaaldes terug te bring na die kudde. (Vry vertaal uit *Review and Herald*, 10 Mei 1906)

> Engele kom nie na die aarde toe om te veroordeel en te vernietig, om te heers en eerbetoning te eis nie, maar is boodskappers van genade om saam met die Vors van die Here se leër te werk, om saam met die menslike agente te werk wie sal voortgaan om die verlore skape te soek en te red. (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 20 November 1893, par. 3)

Die engele het oor Jónatan en sy wapendraer gewaak, omdat hulle siele in gevaar was. Noudat Saul weet dat sy koningkryk bedreig word omdat Samuel gesê het dat dit aan iemand anders gegee sal word, is hy baie bekommerd dat oorwinning in Israel plaasvind sonder dat hy enigiets daarvan weet! Saul is nou gevul met jaloesie; hy wil sy eie eer beskerm. God sal “toesig hou” of dan Saul se jaloesie “besoek” as ‘n straf op Israel. Dus is alles deel van die manifestasie van God se jaloesie wanneer die mens ‘n pad van afgodery kies.

> Toe … die manne van Israel dié dag aangedryf word, het Saul die manskappe besweer en gesê: Vervloek is die man wat iets eet tot vanaand, sodat ek my op my vyande kan wreek. Daarom het al die manskappe aan niks geproe nie. (25) En al die mense het in ‘n bos gekom, en daar was heuning op die veld. (26) Toe die manskappe in die bos kom, was daar oorvloed van heuning; maar niemand het met

> sy hand aan sy mond geraak nie, omdat die manskappe bevrees was vir die eed. (1 Samuel 14:24-26)

Jónatan het nie van die eed gehoor nie en so het hy van die heuning geneem om homself te verfris. Daarna, toe Saul die Here gevra het of hulle die stryd teen die Filistyne moes voortsit, het hy geen antwoord ontvang nie. Hy het begin soek na die sonde in die kamp. Binne die regstelsel waarin Saul gefunksioneer het, het die Here toegelaat dat die lot op Jónatan val.

> En Saul sê: Werp die lot tussen my en my seun Jónatan. En Jónatan is aangewys. (43) Daarop vra Saul vir Jónatan: Gee my tog te kenne wat jy gedoen het. En Jónatan het hom te kenne gegee en gesê: Ek het net 'n bietjie heuning geproe met die punt van die staf wat in my hand was; hier is ek, ek sal sterwe. (44) Toe sê Saul: Mag God aan my so doen en so daaraan toedoen, jy moet sekerlik sterwe, Jónatan! (1 Samuel 14:42-44)

Soos Adam wat sy vrou blameer het, was Saul bereid om een van sy eie vlees en bloed op te offer om 'n versoening vir die sondeprobleem in die kamp te bring. Eerder as om verantwoordelikheid te aanvaar en berou te hê, sal hy liewer sy eie seun opoffer as 'n offer. Die ongeregtigheid is besoek as gevolg van Israel se begeerte aan 'n koning en dit het homself werklik begin manifesteer. Saul se onsekerheid in sy posisie as koning het beteken dat enige persoon wat die koninkryk sou uitbou en die mense sou behaag, sou beskou word as 'n bedreiging.

> As die manne van Israel nie ingetree het om Jónatan se lewe te red nie, sou hulle verlosser op bevel van die koning gesterf het. **Met hoeveel wantroue moes daardie volk Saul se leiding nie later gevolg het nie! Hoe bitter die gedagte dat hulle eie daad hom op die troon geplaas het**! Die Here is lankmoedig met die mens se eiesinnigheid en Hy gun aan almal die geleentheid om hulle sondes in te sien en te versaak; maar hoewel dit soms voorkom asof Hy diegene voorspoedig maak wat Sy wil veronagsaam en Sy waarskuwings verag, sal Hy hulle dwaasheid tog op Sy eie tyd gewis openbaar maak. *Patriarge en Profete*, bl. 662.2

> Saul kon aanvoel dat sy seun bo hom verkies was, beide deur die volk en deur die Here. Jónatan se verlossing was ‘n ernstige teregwysing vir die koning se roekeloosheid. Hy het ‘n voorgevoel gehad dat sy vervloekinge op sy eie kop sou val. Hy het nie meer die oorlog met die Filistyne voortgesit nie, maar het buierig en ontevrede teruggekeer na sy huis toe. (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 17 August 1882, par. 11)

‘n Man wat bereid is om sy eie seun te offer ter wille van sy eie beseerde trots, moet aanskou word as ‘n man onder die beheer van Satan. Dit is in volmaakte ooreenstemming met God se belofte om die ongeregtighede van die mense op die mense te besoek, deurdat Hy toesig hou oor gebeure, sodat bose gevolge die goddelose te sterwe sal bring.

Noudat Saul weet dat die koninkryk van hom af weggeneem moet word en dat sy eie seun meer begunstig word as hyself en die volk sy gesag om Jónatan dood te maak, weerstaan het, probeer Saul sy reputasie herwin deur oorlog te maak met die naburige stamme.

> So het Saul dan die koningskap oor Israel verkry en oorlog gevoer rondom teen al sy vyande: teen Moab en teen die kinders van Ammon en teen Edom en teen die konings van Soba en teen die Filistyne; en oral waarheen hy hom gewend het, het hy straf geoefen. (48) **En hy het hom dapper gedra: hy het Ámalek verslaan** en Israel gered uit die hand van sy berowers. (1 Samuel 14:47-48)

Die sonde van Saul se eiebelang en jaloesie om sy kroon te behou, sal nou besoek word aan die naburige nasies, as straf vir hulle afgodery en opstand. Dit is in streng ooreenstemming met Exodus 20:5 om die ongeregtighede van die vaders te besoek aan die kinders van dié wat My haat.

## 11. Die Here se Profesie en Bevel Rakende die Ámalekiete

Nou let ons op met belangstelling dat Saul alreeds begin het om

oorlog te voer teen die Ámalekiete voordat die bevel deur God gegee is in 1 Samuel 15:1-3. Ons merk met groot belangstelling op hoe die Young's Literal Translation God se opdrag aan Saul beskryf.

> `Thus said Jehovah of Hosts, I have looked after that which Amalek did to Israel, that which he laid for him in the way in his going up out of Egypt. (3) Now, go, **and thou hast smitten Amalek, and devoted all that it hath, and thou hast no pity on it, and hast put to death from man unto woman, from infant unto suckling, from ox unto sheep, from camel unto ass**.' 1 Samuel 15:2-3 (YLT)

Die skrifgedeelte se vertaling dui aan dat Saul reeds hierdie aksies geneem het. Die gebeure van 1 Samuel 14:48 openbaar dat Saul reeds van plan was om die Ámalekiete te vernietig. Hierdie ambisie het reeds in hom bestaan. Die Here stuur nou 'n boodskap aan hom deur Samuel op dieselfde manier as wat Noag die toekoms van sy seuns geprofeteer het.

> Noag se profesie was geen willekeurige vervloeking of begunstiging nie. <u>Dit het nie die lot of die karakter van sy seuns bepaal nie</u>. Dit het egter aangedui wat die gevolge sou wees van die lewensrigting wat hulle afsonderlik ingeslaan en die karakters wat hulle ontwikkel het. <u>Dit was net 'n verklaring van die wil van God teenoor hulle en hulle nakomelinge met die oog op hulle eie karakter en gedrag</u>. *Patriarge en Profete*, bl. 116.3

Kanaän is vertel dat hy 'n dienaar van dienaars sal wees. In die ingesteldheid van Satan se koninkryk was dit 'n vervloeking wat hom sou aftakel, maar indien Kanaän homself sou bekeer en verneder, kon hy soos Christus 'n dienaar van almal geword het.

> En toe Hy gaan sit het, roep Hy die twaalf en sê vir hulle: As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees. (Markus 9:35)

Die Here was besig om vir Saul te wys wat binne-in hom was. Hy het geweet hoe Saul hierdie woorde sou verstaan, alhoewel dit nie 'n verklaring van guns was nie en dit nie die lot van die toekoms

opgelos het nie. Dit was inderdaad ‘n uitdrukking van God se doel vir Saul in die lig van sy eie karakter en optrede. As Saul berou van sy sonde gehad het, kon hierdie vloek om vroue en kinders om te bring, in ‘n seën verander word, soos ons sien in die geval van Levi.

> Onder die seuns van Jakob was Levi een van die wreedaardigstes en wraaksugtigstes, een van die twee met die grootste skuld aan die verraderlike moord op die Sigemiete. Levi se karaktertrekke, wat in sy afstammelinge weerspieël is, het vir hulle God se dekreet op die hals gehaal: “Ek sal hulle verdeel in Jakob en hulle verstrooi in Israel.” Genesis 49:7. **Maar berou het hervorming bewerkstellig; en deur hul getrouheid aan God, te midde van die ander stamme se afvalligheid**, **<u>is die vloek in die hoogste eerbewys omskep</u>**. (*Opvoeding*, bl. 116 – *Education*, p. 148.3)

Net soos die Here nooit beplan het dat Abraham sy eie seun moes offer nie, maar om hom toe te wy, so was dit nie die Here se begeerte of karakter om vroue en kinders om te bring nie. Omdat beide Saul en die Ámalekiete geweier het om hulle aan Hom te onderwerp, deur Satan as hul leier te kies, het God die karakter van ‘n regter aangeneem, wat Hom van die innemende eienskappe van ‘n vader beroof het. In hartseer het Hy Sy aangesig verberg terwyl die kinders se koppe teen die muur stukkend geslaan was. Saul se wanhoop om aan sy kroon vas te hou, het hom tot die uiterste daad van moord op kinders gedryf. Tog was hierdie aksies ook die dade van die Ámalekiete wat op hulle teruggekom het, omdat hulle dieselfde dade aan ander vroeër in hul geskiedenis gedoen het.

> Die Ámalekiete was ‘n dwalende volk wat die woestyn in die suide van Palestina bewoon het, tussen daardie land en Egipte. Soos die meeste van die naburige stamme, was hulle afgodsdienaars en bitter vyande van Israel. Kort ná die uittog het hulle die Israeliete in die woestyn van Ráfidim aangeval, maar Josua behaal ‘n skitterende oorwinning oor hulle. Die Ámalekiete was nie onder die nasies wie se grond aan Israel toegeken is nie en Israel het hulle ook geen skade aangedoen nie. Hierdie aanval was dus heeltemal moedswillig. **Dit was ook baie lafhartig en wreed; die vyand, wat nie gedurf het om**

> **‘n ope ontmoeting met die Hebreërs te waag nie, het diegene wie uit swakheid en uitputting nie kon byhou by die massa mense nie, aangeval en vermoor**. (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 24 Augustus 1881, par. 3)

Die Here is nie bereid dat enigiemand moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. Ellen White beskryf die proses van God se oordeel.

> Die Here verheug Hom nie oor wraak nie, alhoewel Hy oordeel fel oor die oortreders van Sy wet. Hy word gedwing om dit te doen, om die inwoners van die aarde te beskerm teen totale verdorwenheid en ondergang. Om sommige te red, moet Hy diegene wat in sonde verhard het, afsny. Die profeet Jesaja sê: “Want die HERE sal Hom gereed maak soos by berg Pérasim; Hy sal aanstorm soos in die dal by Gíbeon **om sy werk te doen – vreemd is sy werk! En om sy daad te verrrig – ongehoord is sy daad**!”[10] Die werk van toorn en vernietiging is inderdaad ‘n vreemde, onwelkome werk vir Hom wat oneindig in liefde is. (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 24 Augustus 1882, par. 15)

Hier is verdere bewyse wat die aard van die oordeel aandui. Ellen White haal Jesaja 28:21 aan wat aandui dat hierdie werk ten opsigte van die Ámalekiete ‘n vreemde werk was. Die twee woorde vir vreemd in hierdie skrifgedeelte dui op afwyk en om ‘n vreemdeling te word. Sien my boek *God’s Strange Act* vir meer besonderhede hieroor. Die punt hier is dat God die Ámalekiete moes prysgee. Hy het weggedraai en toegelaat dat Saul se toorn oor hulle besoek word.

Nog ‘n leidraad om te wys dat hierdie handelinge verband hou met die besoek van sonde met sonde, word in 1 Samuel 15:2 gevind.

> So sê die HERE van die leërskare: Ek het **terdeë gelet op [H6485]** wat Ámalek Israel aangedoen het, dat hy hom in die weg gestaan het by sy optog uit Egipte. (1 Samuel 15:2)

---

[10] Jesaja 28:21

Die woord vir *terdeë gelet op* is dieselfde woord as in Eksodus 20:5 vir *besoek*. So die Here *besoek* of *let terdeë op* dit wat Ámalek gedoen het. Wat sê die tweede gebod vir ons is die proses vir besoeke?

> …besoek [H6485] aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; (Exodus 20:5)

Dus het ons ‘n direkte verband wat ons wys dat God sonde met sonde bestraf. Hy laat die gevolge van sonde toe om straf op hulle te bring. Saul het reeds besluit om dit self te doen. In hierdie vasberadenheid sal die Here Saul toets om te sien of hy ten volle sal gehoorsaam wanneer die Here Sy bevel sal byvoeg by wat Saul beplan het.

> Toe Saul beveel was om die Ámalekiete te vernietig, het hy nie ‘n oomblik lank geaarsel nie. **Die bevel van die profeet is gevoeg by sy eie gesag** en tydens die oproep tot stryd het die manne van Israel na sy vaandel toegestroom. (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 31 Augustus 1882, par. 2)

Tot op hierdie punt het Saul altyd ‘n manier gevind om te verhoed dat hy ten volle doen wat die Here hom beveel het om te doen. Wetende dat Saul van plan was om hierdie aksie teen die Ámalekiete te neem, lewer die Here aan hom ‘n boodskap wat aan hom die idee gee dat hy profetiese gesag het wat hom ondersteun in wat hy beplan het om te doen. Soos koning Salomo gesê het “bring vir my die swaard en sny die lewendige kind in twee stukke sodat ek kan weet wat is in julle harte”; so bring die Here die swaard teen die Ámalekiete uit, om te weet wat in Saul se hart is.

In Saul se selfsugtige en verduisterde gedagtes, as hy op een of ander manier dit kon behartig om ‘n taak te voltooi – selfs iets wat hy self beplan het, selfs hier was daar hoop dat Saul in die toekoms tot bekering sou kom. Dit was Saul se finale toets.

> Hierdie oorwinning was by verre die briljantste wat Saul ooit behaal het en dit het gedien om opnuut daardie trotse hart op te vlam wat sy

> grootste gevaar was. **Die goddelike bevel wat die Ámalekiete tot uiterse vernietiging doem, was maar gedeeltelik uitgevoer**. Sy ambisie het hom gelei om die eer van sy triomflike terugkeer te verhoog deur die teenwoordigheid van 'n koninklike gevangene. **Saul het gewaag om Agag, die kwaai en oorlogsugtige koning van Ámalek, te spaar. Hierdie daad was nie sonder invloed op die mense nie. Hulle het ook gevoel dat hulle veilig mag waag om effens van die Here se duidelike aanwysings af te wyk. Daarom het hulle ywerig vir hulle die beste uit die kleinvee, beeste, esels en donkies gespaar**, slegs dit wat veragtelik en waardeloos was, was vernietig. Hier was Saul onderworpe aan die finale toets. Sy verwaande veronagsaming van die wil van God, wat sy vasberadenheid om as 'n onafhanklike monarg te heers getoon het, het bewys dat hy nie met koninklike mag, as die Here se verteenwoordiger, toevertrou kon word nie. (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 31 Augustus 1882, par. 3-5)

Hoe diep reik God af om die mens te red. Die Ámalekiete het die beker van hul ongeregtigheid volgemaak en hulle vonnis was verseker. Saul, onder die inspirasie van Satan, het vas besluit om hulle dood te maak in sy woedende onsekerheid en jaloesie. As hy net sy optrede kon uitvoer met 'n gevoel van vervulling van 'n bevel uit die hemel, dan was daar 'n kans dat hy berou kon vind en leef. Samuel het intens vir Saul gebid. Hy het hom innig liefgehad en hy het heel nag ter wille van Saul in gebed ingetree om vir hom te bid.

> Terwyl trots en blydskap in die kamp van Saul regeer het, was daar diepe worsteling in die huis van Samuel. Sy intense belangstelling in die welsyn van Israel het nie afgeneem nie. **Hy was steeds lief vir die dapper kryger wie deur sy eie hande as koning gesalf is. Dit was sy ernstige gebed dat Saul 'n wyse en voorspoedige heerser mag word**. Toe dit aan hom geopenbaar is dat Saul uiteindelik verwerp is, het Samuel in sy nood "die hele nag deur die HERE aangeroep", om te pleit vir 'n ommeswaai van die vonnis. Met hartseer het hy die volgende oggend voortgegaan om die sondige koning te ontmoet. (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 31 Augustus 1882, par. 6)

## 12. Konfrontasie met Samuel

> Toe Samuel by Saul kom, sê Saul vir hom: Mag u geseënd wees deur die HERE: ek het die woord van die HERE uitgevoer. (14) Daarop vra Samuel: Maar wat vir 'n geblêr van kleinvee is dit in my ore en 'n gebulk van beeste wat ek hoor? (1 Samuel 15:13-14)

Saul probeer om sy dade te regverdig en die fout op die volk te plaas. Die woordewisseling vererger.

> Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarseêry, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp. (24) Toe sê Saul vir Samuel: Ek het gesondig, omdat ek die bevel van die HERE en u woorde oortree het, want ek was bevrees vir die manskappe en het na hulle geluister. (25) Vergeef dan nou tog my sonde en kom met my saam terug, dat ek die HERE kan aanbid. (26) Maar Samuel sê vir Saul: Ek sal nie met jou saam teruggaan nie, omdat jy die woord van die HERE verwerp het, en nou het die HERE jou verwerp om koning oor Israel te wees. (1 Samuel 15:23-26)

Ellen White lewer die volgende kommentaar.

> Toe die koning hierdie vreeslike vonnis gehoor het, het hy uitgeroep, "Ek het gesondig, omdat ek die bevel van die HERE en u woorde oortree het, want ek was bevrees vir die manskappe en het na hulle geluister." Saul was met vrees gevul deur die aanklag van die profeet, **maar hy het, selfs nou, geen ware sin gehad van die grootheid van sy oortreding nie. Hy het steeds volgehou om die volk te blameer** en te verklaar dat hy deur vrees vir hulle gesondig het. (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 31 Augustus 1882, par. 12)

Samuel wou op hierdie punt vertrek, maar Saul smeek hom om te bly en hom te eer. Al waaraan hy dink is sy troon en om dit te beskerm.

> Steeds vrees Saul net persoonlike skande en die verlies van sy koninkryk. Hy word baie meer omgekrap deur die vervreemding van Samuel as deur die ontevredenheid van God. Hy het Samuel versoek

om sy oortredinge te vergewe, asof die profeet gesag gehad het om die goddelike vonnis teen hom te keer. Hy het geweet dat die volk meer vertroue in Samuel het as in homself. **Hy het gevoel dat sy eie saak hopeloos was indien 'n ander koning onmiddellik op 'n goddelike bevel gesalf word. Sou Samuel hom veroordeel en verlaat, was hy bang vir 'n onmiddellike opstand onder die volk**. As 'n laaste uitweg het Saul die profeet gesmeek om hom voor die ouderlinge en die volk te vereer deur in die openbaar saam met hom te verenig in aanbidding tot God. **Samuel het gebly, maar slegs as 'n stille getuie van die diens**. Sonder nederigheid of berou kon Saul se aanbidding nie deur die Here aanvaar word nie. (Vry vertaal uit *Signs of the Times*, 31 Augustus 1882, par. 16-17)

**Op bevel van God het Samuel aan die koning se versoek toegegee** sodat daar geen opstand moes wees nie. Maar hy het geen aandeel in die diens gehad nie. *Patriarge en Profete*, bl. 669.2

## 13. Die Dood van Agag

Nou kom ons by die kritieke punt: die dood van Agag. Die hele Israel het geweet dat Saul die verkeerde ding gedoen het en nie heeltemal gehoorsaam aan die Here was nie. Die volk het skuldig gevoel oor die skape en beeste wat gevat is.

'n Streng en vreeslike daad van geregtigheid moes nog verrig word. Samuel moes die eer van God in die openbaar handhaaf en Saul se gedrag bestraf. *Patriarge en Profete*, bl. 669.3

Die menslike begrip van geregtigheid en versoening is die dood. As Agag oorleef het, sou die skuld van ongehoorsaamheid aan goddelike bevele oor Israel gehang het. Samuel was nie van plan om by hierdie geleentheid te bly nie, maar hy was deur die Here aangewys om daar te bly. Hoe sou God Israel terugbring na 'n plek waar hulle die pad van bekering terug na God kon begin? Hulle het geweet dat dit verkeerd was van hulle om 'n koning te kies. Tensy versoening geskied volgens hulle sin van geregtigheid, sou hulle geen hoop hê om ware berou te vind nie. Die vorige nag, toe Samuel

alleen met God was, het hy met trane vir Saul en Israel gebid. Nou was hy omring deur afvalligheid. Al die werk wat hy belê het in die skool van die profete en om hulle die waarheid te leer was in die weegskaal.

Soos Moses, toe hy van die berg afgekom het en die afgodery van die volk gesien het, was hy aangespoor tot aksie in sy ywer vir God. Moses het vir die volk gepleit. Om die eer van God te handhaaf, moes die bevel uitgaan om die wederstrewiges dood te maak. Dit was die enigste manier waarop die volk 'n gevoel kon kry dat 'n regverdige behandeling toegedien was, soos hulle dit beskou het.

Daar is geen direkte bevel aangeteken vir Samuel om die lewe van Agag te neem nie. Tog weet Samuel dat hierdie man 'n belediging vir Jehova is en die volledige ondergang van Saul as koning, verteenwoordig. Samuel was die hele nag op. Is dit dalk moontlik dat die manier waarop Agag doodgemaak is, die diep wonde wat Israel hom toegedien het, weerspieël, wat nou uiteindelik in frustrasie uitkom?

> Maar Samuel het gesê: Soos jou swaard vroue kinderloos gemaak het, so sal jou moeder onder die vroue kinderloos wees. Daarop het Samuel Agag in stukke gekap voor die aangesig van die HERE in Gilgal. (1 Samuel 15:33)

Een Adventiste pionier het die volgende kommentaar op hierdie gebeurtenis gelewer.

> Samuel was 'n goeie profeet van kindsbeen af; maar hy het Agag in stukke gekap voor die Here in Gilgal. Dit lyk asof Samuel droewig moes geval het, om so verhard te geraak het om moord te pleeg reg voor die Here daar in Gilgal! (Vry vertaal uit *Stephen Pierce, Review and Herald*, 28 Oktober 1862)

Ek dink tog dat dit, binne die konteks, 'n verharde assessering is; om hierdie man in stukke te kap, dui op ywer en waarskynlik ook frustrasie. Saul wou hê Samuel moet hom vereer tydens sy viering van die oorwinning. Samuel het die partytjie-atmosfeer verwoes

deur stukke van Agag oral op die partytjie-kamervloer te strooi. Die dood van Agag het die sin van geregtigheid verskaf wat Israel kon verstaan. Dit het versoening in hul gedagtes gebring, ook soos Pínehas versoening gebring het met die dood van Simri en Kosbi.

> Pínehas, die seun van Eleásar, die seun van die priester Aäron, het my grimmigheid van die kinders van Israel afgewend deurdat hy my ywer onder hulle geywer het, **sodat Ek die kinders van Israel in my ywer nie verteer het nie.** (12) Daarom spreek: Kyk, Ek sluit met hom my vredeverbond, (13) en dit sal vir hom en sy nageslag ná hom die verbond van ewige priesterskap wees, omdat **hy vir sy God geywer en versoening vir die kinders van Israel gedoen het.**
> (Numerí 25:11-13)

Ons sien hier dat Pínehas geywer het vir die Here. Dit is dieselfde kernwoord as in Exodus 20:5. Pínehas het gehandel in sy begrip van geregtigheid. Alhoewel sy begrip van geregtigheid die vervalsing, die geregtigheid van Satan was, was dit die enigste moontlike manier vir die volk om ‘n sin van geregtigheid en versoening te verkry. Dieselfde was die geval met die leiers wat in daardie opstand tereggestel was.

> Hierdie goddelose handelinge het op Israel ‘n uitwerking gehad wat die besweringe van Bileam nie kon verrig het nie – dit het hulle van God geskei. **Die oordeel wat onmiddellik daarop gevolg het, het die volk se oë oopgemaak vir die gemeenheid van hulle sonde**. ‘n Verskriklike plaag het in die kamp uitgebreek en tienduisende van die vergadering is aangetas. God het gelas dat die voorbokke in hierdie geval deur die rigters om die lewe gebring moes word. Die bevel is dadelik uitgevoer. **Die oortreders is gedood en hulle lyke is opgehang waar die ganse Israel dit kon sien, sodat die vergadering, wanneer hulle nou sien hoe straf God teenoor die leiers opgetree het, kon besef wat ‘n groot afkeer God in hulle sonde het en hoe groot Sy toorn teenoor hulle was. Almal het beken dat die straf regverdig was** en die volk het hulle na die tabernakel gehaas en met trane en diepe ootmoed hulle sondes bely. *Patriarge en Profete*, bl. 477.3,4

Toe die volk die dood van die leiers van die opstand sien, het almal

gevoel dat hierdie straf regverdig was. Dit is geregtigheid soos hulle dit verstaan het. Satan dring aan dat elke sonde sy straf moet ontvang. Dit was weer ‘n geval van afgodery en die Here het die stappe gevolg soos in Exodus 20:5 uiteengesit is. Hy het hulle ongeregtighede aan hulle besoek.

In hierdie lig moes Agag geoffer word aan die mens se persepsies van geregtigheid. Soos Pínehas versoening gedoen het vir Israel in die dood van Simri en Kosbi, so het Samuel versoening gedoen vir Israel in die dood van Agag. Dit is versoening soos die mensdom dit verstaan, sodat ons kan sien dat geregtigheid toegedien is en dan kan glo dat God ons kan aanvaar. Al hierdie offers van mense word op ‘n bronsaltaar geoffer. Dit is ‘n kombinasie van God se genade en Satan se geregtigheid. Dit is die enigste manier om die deur van ons harte oop te maak, sodat ons deur geloof die Heiligdom, wat slegs goud en silwer bevat, mag betree.

## 14. Samuel se Wonde Onthul

Hoeveel makliker sal dit wees vir Agag om net in sy sel te sterf van ‘n beroerte veroorsaak deur vrees, of een of ander siekte. Daar was duisende ander maniere vir hierdie man om van natuurlike oorsake te sterf weens gebrek aan beskerming, maar net soos Jesus bewaar moes word om die dood aan die kruis in die gesig te staar, so moes Agag bewaar word om teregstelling met die swaard te trotseer. Geregtigheid moes gesien word om volgens die volk voldoende te wees. Voldoening moes gebring word sodat die deur van genade geopen kon word. Dit was ook nodig dat Samuel bewus word van die saad wat in hom gesaai is toe hy diep gewond was. Dit is ‘n les vir ons almal om noukeurig te oorweeg. Is daar diep wonde wat ons van ander ontvang het wat ons nie vergewe het nie en die Here nog nie gevra het om te genees nie? Hulle sal weer vorendag kom in die toekoms. Kom ons bid nou dat versteekte sondes erken en versaak word, sodat ons nie as sondaar gebruik mag word om sonde te straf nie.

Nog ‘n bewys dat Samuel in sonde opgetree het toe hy Agag vermoor het, is die vrees vir die dood wat oor hom gekom het nadat hy ’n moord gepleeg het.

> Daarna sê die HERE aan Samuel: Hoe lank sal jy treur oor Saul, terwyl Ek hom verwerp het om koning te wees oor Israel? Vul jou horing met olie en gaan heen: Ek stuur jou na Ísai, die Betlehemiet, want Ek het onder sy seuns vir My ‘n koning uitgesoek. (2) **Maar Samuel vra: Hoe kan ek gaan? As Saul dit hoor, sal hy my doodmaak**… (1 Samuel 16:1-2)

Dit is presies wat met Elía gebeur het nadat hy die profete van Baäl omgebring het.

> Daarop stuur Isébel ‘n boodskapper na Elía om te sê: Mag die gode so doen en so daaraan toedoen – sekerlik sal ek môre sulke tyd jou siel maak soos die siel van een van hulle. (3**) Toe hy dit sien, het hy hom klaargemaak en ter wille van sy lewe weggegaan**. En toe hy in Berséba in Juda aangekom het, het hy sy dienaar daar laat agterbly. (1 Konings 19:2-3)

Samuel het nooit enige vrees vir Saul gewys voordat hy Agag vermoor het nie. Die vrees om doodgemaak te word, het eers gekom nadat hy doodgemaak het. As sy daad ‘n regverdige daad was, sou hy nie hierdie vrees gehad het nie. Die gevolge het nie hier opgehou nie. Toe Samuel na Ísai se huis gegaan het om die volgende koning te salf, het hy nie die regte persoon bespeur nie.

> Toe hulle inkom en hy Elíab sien, dink hy: Gewis, hier staan voor die HERE sy gesalfde! (7) Maar die HERE sê vir Samuel: Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, **want Ek ag hom te gering. Want nie wat die méns sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die HERE sien die hart aan**. (1 Samuel 16:6-7)

Daar is ‘n mate van verwarring in Samuel se onderskeiding van wie die regte persoon is. Iets het sy persepsie verblind omdat God vir hom gesê het dat die mens na die uiterlike voorkoms kyk; dit was Samuel wat Elíab gekies het deur met die oë van die mens te kyk.

Dit was nie so toe Samuel geroep is om Saul te salf nie. God kon direk met hom kommunikeer.

> Want die HERE het dit een dag voor die koms van Saul aan Samuel geopenbaar en gesê: (16) **Môre sulke tyd sal Ek 'n man uit die land Benjamin na jou stuur** wat jy moet salf as 'n vors oor my volk Israel; en hy sal my volk verlos uit die hand van die Filistyne. Want Ek het my volk aangesien, omdat sy geroep na My gekom het. (17) **Toe Samuel vir Saul sien, het die HERE hom geantwoord: Hier is die man van wie Ek jou gesê het**: Hy sal oor my volk heers. (1 Samuel 9:15-17)

Dit is waar dat die Here vir Samuel gesê het dat Dawid die een was toe Samuel hom gesien het, maar die proses het 'n gees van verwarring aan Samuel se kant bekend gemaak, wat nie voorheen daar was nie. In hierdie geval gebruik die Gees van Profesie hierdie storie as 'n voorbeeld wat ons nie moet volg nie.

> Maar wie is daartoe in staat om uit 'n huisgesin van kinders die een uit te soek op wie die belangrikste verantwoordelikhede sal rus? Hoe dikwels het die menslike oordeel al op dié gebied homself verkeerd bewys! **Onthou die ondervinding van Samuel** toe hy gestuur is om uit die seuns van Ísai een te salf wat koning oor Israel sou wees. Sewe jongmanne van edele gestalte het voor hom verbygegaan. **Toe hy kyk na die eerste een met sy bevallige gelaatstrekke, goed ontwikkelde liggaamsbou en prinslike houding, het die profeet uitgeroep: "Gewis, hier staan voor die HERE sy gesalfde**!" Maar God het gesê: "Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want Ek ag hom te gering. Want nie wat die méns sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die HERE sien die hart aan." So het die getuienis oor al sewe gelui: "Die HERE het hulle nie uitgekies nie."[11] (*Opvoeding*, bl. 217.5-218.1 – *Education*, p. 265-266)
>
> Eliab het die Here nie gevrees nie. Indien hy op die troon geplaas was, sou hy 'n hoogmoedige en veeleisende heerser gewees het. *Patriarge en Profete*, bl. 676.2

---

[11] 1 Samuel 16:10

Hierdie twee punte dui daarop dat Samuel gely het aan die gevolge van die moord op ‘n ander persoon. Die Here het Samuel opdrag gegee om by Saul se feesviering te bly, sodat Samuel die verwonding wat steeds in hom vasgesteek het, kon ontdek. Die Here het Samuel se karakter aan hom onthul, terwyl Agag ook die gevolge van sy keuses ontvang het; asook om Israel toe te laat om te glo dat versoening en geregtigheid toegedien is. Hoe wys is ons Vader in die hemel! Hoe ernstig soek Hy om die harte van die mens te bereik en aan hulle die onsuiwerhede wat in hul siele vassteek, te openbaar.

Hoe wonderlik om te weet dat ons Vader in die hemel ons nie veroordeel vir ons swakhede en foute nie. Hy reël geleenthede om ons karakters na vore te bring, sodat meer sonde geopenbaar word. Nadat Samuel sy ywer gemanifesteer het, het hy tyd gehad om na te dink oor wat hy gedoen het en te bid oor enige oorblywende wonde in sy hart.

Samuel was ‘n wonderlike man van God wat die Here getrou sy hele lewe gedien het. Die Here het hom getoets om die oorblywende onsuiwerhede in sy siel te suiwer en hom voor te berei vir die hemel.

## 15. Slot

Daar is verskeie ander punte wat gemaak kan word, maar ek glo dat ‘n duidelike reeks punte gestel is om aan te dui dat dit die satanies-geïnspireerde regstelsel is, wat die mens in sy denke ingewikkel het, wat die mensdom gelei het tot die behoefte aan offerversoening. God het nooit offers begeer nie.

> Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie. (Jeremia 7:22)

Laat ons onthou dat ons Vader in ‘n posisie geplaas is waar ‘n offer

gebring moes word, sodat ons kan glo dat versoening gemaak kan word. Om te dink dat God bereid was om Sy Seun prys te gee ter wille van ons konsep van geregtigheid, sodat ons Sy genade kan ontvang! Dit is ‘n liefde wat alle verstand te bowe gaan.

God vermoor nie klein kindertjies nie. Dit was nog nooit ‘n begeerte van Hom nie. Wanneer die mens kies om Hom te verwerp en enige ander god van Satan se skepping te aanbid, dan moet genade uiteindelik haar vlerke toevou en moet die Here Satan se regstelsel toelaat om bevredig te word, sodat die mens weereens die deur tot genade kan open. Wanneer mense God haat, dan het hulle die dood lief en die mens se foutiewe persepsie van geregtigheid moet dan die dood insluit.

> Ek was getoon dat die oordele van God nie direk van die Here oor hulle kom nie, maar op hierdie manier: Hulle plaas hulself buite Sy beskerming. Hy waarsku, korrigeer, berispe en wys die enigste pad van veiligheid aan; dan, as diegene wat die voorwerpe van Sy spesiale sorg was, hulle eie gang wil gaan, onafhanklik van die Gees van God, na herhaalde waarskuwings, as hulle hul eie pad kies, dan beveel Hy nie Sy engele om Satan se besliste aanvalle op hulle te verhoed nie. (Vry vertaal uit *14 Manuscript Release*, p. 3)

Die grootste aanval wat Satan nog ooit op ons gemaak het, is sy vervalste stelsel van geregtigheid. Jesus het gekom om die waarheid oor God te openbaar, sodat ons die waarheid oor God se geregtigheid kan begryp.

> In die lig van die heiligheid en heerlikheid van die God van die heelal, [uit die mens se perspektief] is ons angsbelaai; want ons weet dat sy geregtigheid hom nie sal toelaat om die skuldige vry te stel nie. **Maar ons het nie nodig om in vrees te bly nie; want Christus het na die wêreld gekom om die karakter van God te openbaar, om sy vaderlike liefde teenoor sy aangenome kinders duidelik te maak**. Ons hoef nie die karakter van God alleenlik op te som deur die wonderlike werke van die natuur nie, maar ook deur die eenvoudige, liefderyke lewe van Jesus. Hy stel Jehova aan ons voor as Een meer barmhartig, meer medelydend, sagter as ons aardse ouers. **Jesus het**


> **die Vader voorgestel as een in wie ons ons vertroue kan plaas en aan wie ons ons behoeftes kan voorlê. Wanneer ons bang is vir God en oorweldig word met gedagtes van sy heerlikheid en majesteit, wys die Vader ons na Christus as sy verteenwoordiger. Die sagtheid, deernis en liefde wat in Christus geopenbaar word, is die weerspieëling van die eienskappe van die Vader**. Die kruis van Golgota openbaar aan die mens die liefde van God. Christus verteenwoordig die Almagtige van die heelal as 'n God van liefde. Deur die mond van die profeet het hy gesê: "Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid."[12] (Vry vertaal uit *The Youth's Instructor*, 22 September 1892, par. 2)

Ons Vader bewys genade aan diegene wat Hom in Christus nader. Daar is geen veroordeling vir diegene wie die Vader deur die aardse lewe van Christus aanskou nie. Diegene wat nie deur Christus kyk nie, sal God sien as Een wat jaloers is en wat straf. Hulle sal God aanskou as Een soos hulle. God sal toesien dat dieselfde keuses gemaak en geglo deur Satan en diegene wat hom gevolg het, juis die dinge sal wees wat hulle uiteindelik sal oordeel. Deur Satan se afgodery van sy eie idee sal God die karakter van 'n regter aanneem wat Homself ontneem van die beminde eienskappe van 'n vader en Satan sal die geregtigheid in die gesig staar wat hy geëis het.

> **Satan sal geoordeel word deur sy eie idee van geregtigheid**. Hy dring daarop aan dat elke sonde gestraf moet word. As God die straf vergewe het, het hy gesê, was Hy nie 'n God van waarheid of geregtigheid nie. Satan sal die oordeel teëkom wat hy gesê het God moet uitoefen. (Vry vertaal uit *12 Manuscript Release*, p. 413.1)


---

[12] Jeremia 31:3





**Calvary in Egypt**

Dink mooi na. Die gedagtes van die Romeinse soldate word beheer deur Satan, maar die lewe wat hulle inasem, word gegee deur die lig wat aan alle mense lewe gee wat in hierdie wêreld inkom. Die krag van Christus in die siele van mense word deur Satan gebruik om Hom aan die kruis vas te nael. Kom vir 'n oomblik tot stilstand en bedink dit. Die beeld van 'n Romeinse soldaat met die hammer hoog in die lug, wat die spykers in die kosbare hande van ons Redder indryf, hou die sleutel tot die plae van Egipte en al die vernietigende magte op aarde.




**Gods of Egypt as Lightning from Heaven**

Die Bybel bevat verskeie verhale omtrent mense wat tot die dood veroordeel is deur steniging vir hulle oortredings. Waar het hierdie praktyk van steniging vandaan gekom? Het God dit aan Moses bekend gestel, of het dit 'n ander oorsprong? Is dit moontlik dat die oordele wat oor Israel geval het, verwant was aan hulle idee van God, eerder as aan God self? Het die sonde van die goue kalf enigiets verander in die verhouding tussen God en die Israeliet? Is dit belangrik om te weet? Aan hom wat ore het, laat hom hoor.




**Serpent revealed in Canaan Conquest**

Hoe verklaar ons die grootskaalse uitwissing van nasies deur Israel met die swaard, gemeet teenoor die woorde van Christus? … want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan… Nie net manne nie, maar ook vroue en kinders: Deut 2:34 "En ons het in dié tyd al sy stede ingeneem en elke stad met die banvloek getref, manne en vroue en kinders; ons het niemand laat vryraak nie." Moet ons weet? Indien nie, sal Christus dalk na jou kom soos na Jakob in sy tyd van benoudheid, en jy sal, soos Jakob, Hom nie herken nie. Slegs deur te glo in die genade van God sal ons kan oorwin as die ware Israel.

# Natuurlike Geregtigheid en Versoening

## *In die lewe van Saul en Agag*

Die massamoord op die Ámalekiete, wat vroue en babas ingesluit het, is een van die moeilikste stories in die Bybel om te verduidelik. Waarom is hierdie opdrag in die naam van die HERE gegee?

Hoe kan hierdie storie in die lig van die kruis verstaan word?

Die verborgenheid van die kruis verklaar alle ander verborgenhede. In die lig wat straal van Golgota is die eienskappe van God wat ons eers met vrees en bewing vervul het, nou heerlik en aantreklik. Ons sien hoedat genade, teerheid, en ouerlike liefde saamsmelt met heiligheid, geregtigheid, en krag. Terwyl ons die majesteit van Sy troon aanskou wat hoog en verhewe is, sien ons Sy karakter in al Sy heerlike openbarings en ons besef soos nooit tevore nie, die betekenis van daardie dierbare naam, "Onse Vader."
{*Groot Stryd, bl.* 733.1}

Satan stel 'n vervalste regstelsel voor wat die hele heelal besmet het. Die navraag na straf vir oortreding het byna universeel geword. Hoe sal dit moontlik wees vir Satan se regstelsel om God se genade te ontmoet op so 'n manier dat die mens se hart geopen word tot God?

Die wonders van die kruis verskaf 'n volledige verduideliking en nog meer. Ontdek die waarheid agter hierdie vraag en word bevry van die allerverskriklike geloof dat die God van Jesus Christus klein babatjies direk sou vernietig.